BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA.

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA.

*UITGAWE OP GESAG.* *PUBLISHED BY AUTHORITY.*

**10c** **Friday, 26th March, 1965.** **WINDHOEK** **Vrydag, 26 Maart 1965.** **No. 2614**

CONTENTS | INHOUD

| GOVERNMENT NOTICE— | GOEWERMENTSKENNISGEWING:— | *Page/Bladsy* |
|---|---|---|
| No. 46 Ordinances, 1965: Promulgation of . . . | Ordonnansies 1965: Uitvaardiging van . . . | 382 |

## Government Notice.

## Goewermentskennisgewing.

The following Government Notice is published for general information.

C. F. MARAIS,
*Secretary for South West Africa.*

**Administrator's Office,**
**Windhoek.**

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

C. F. MARAIS,
*Sekretaris van Suidwes-Afrika.*

**Kantoor van die Administrateur,**
**Windhoek.**

---

No. 46.] [26th March, 1965.

ORDINANCES, 1965: PROMULGATION OF

The Administrator has been pleased to assent, in terms of section *thirty-two* of the South West Africa Constitution Act, 1925 (Act 42 of 1925), to the following Ordinances which are hereby published for general information in terms of section *thirty-four* of the said Act:—

| *No.* | *Title* | *Page* |
|---|---|---|
| 2. | Social Pensions Ordinance, 1965 . . . . . | 283 |
| 3. | German War Veterans' Pensions Ordinance, 1965 | 303 |
| 4. | Entertainments Tax Amendment Ordinance, 1965 | 307 |
| 5. | Licences Consolidation Amendment Ordinance, 1965 . . . . . . . . . . | 309 |
| 6. | Liquor Licensing Amendment Ordinance, 1965 . | 311 |
| 7. | Stamp Duties and Fees Amendment Ordinance 1965 . . . . . . . . . . | 311 |
| 8. | Bills of Exchange Ordinance, 1965 . . . . | 313 |
| 9. | Karakul Pelt Export Duty Amendment Ordinance, 1965 . . . . . . . . | 315 |
| 10. | Taxation of Rural Immovable Property Amendment Ordinance, 1965 . . . . . . | 315 |
| 11. | Ordinance for the Prevention and Combating of Alcoholism and Anti-social Conduct, 1965 . | 317 |

No. 46.] [26 Maart 1965.

ORDONNANSIES, 1965: UITVAARDIGING VAN

Dit het die Administrateur behaag om sy goedkeuring te heg, ooreenkomstig artikel *twee-en-dertig* van „De Zuidwest-Afrika Konstitutie Wet 1925" (Wet 42 van 1925), aan die volgende Ordonnansies wat hiermee vir algemene inligting gepubliseer word, ooreenkomstig artikel *vier-en-dertig* van gemelde Wet:—

| *No.* | *Titel* | *Bladsy* |
|---|---|---|
| 2. | Ordonnansie op Maatskaplike Pensioene 1965 . | 284 |
| 3. | Duitse Oudstryderspensioenordonnansie 1965 . | 304 |
| 4. | Wysigingsordonnansie op Vermaaklikhedebelasting 1965 . . . . . . . . | 308 |
| 5. | Wysigingsordonnansie op die Konsolidering van Lisensies 1965 . . . . . . . . | 310 |
| 6. | Wysigingsordonnansie op Dranklisensies 1965 . | 312 |
| 7. | Wysigingsordonnansie op Seëlregte 1965 . . | 312 |
| 8. | Wisselordonnansie 1965 . . . . . . | 314 |
| 9. | Wysigingsordonnansie op Uitvoerbelasting op Karakoelpelse 1965 . . . . . . | 316 |
| 10. | Wysigingsordonnansie op Belasting op Landelike Onroerende Eiendom 1965 . . . . | 316 |
| 11. | Ordonnansie op die Voorkoming en Bestryding van Alkoholisme en Anti-sosiale Gedrag, 1965 . | 318 |

No. 2 of 1965.]

# ORDINANCE

TO consolidate and amend the laws relating to social pensions.

*(Assented to 24th March, 1965)*
*(Afrikaans Text signed by the Administrator)*

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, with the consent of the State President, in so far as such consent is necessary, previously obtained and communicated to the Legislative Assembly by message from the Administrator in accordance with the provisions of section *twenty-six* of the South West Africa Constitution Act, 1925, as amended by section *sixteen* of the South West Africa Affairs Amendment Act, 1949, of the Republic of South Africa, as follows —

Definitions.

1. In this Ordinance unless the context otherwise indicates —

(i) "applicant" means an applicant for a social pension or a person who is taking steps to apply for such a pension;
(ii) "blind person's pension" means a blind person's pension referred to in section *five;*
(iii) "coloured person" means a person who is not a white person or a native and who is generally accepted as a coloured person, and includes a Burgher of the Rehoboth *Gebiet,* but does not include a person, who although a coloured person by descent is generally accepted as a native;
(iv) "commissioner" means the Commissioner of Pensions appointed under section *two;*
(v) "disability grant" means a disability grant referred to in section *six;*
(vi) "district pension officer" means an officer designated as such in sub-section (2) of section *two;*
(vii) "district surgeon" includes any full-time state medical officer and, if authorized by the Administrator to carry out any duty, perform any function or exercise any power devolving upon a district surgeon under this Ordinance, also a part-time state medical officer or a medical officer employed by a public hospital authority;
(viii) "labour bureau" means an employment office or employment exchange controlled by the Administration;
(ix) "local authority" means a municipal council and a village management board;
(x) "native" means a person who is a member of an aboriginal race or tribe of Africa or who is generally accepted as such;
(xi) "old age pension" means an old age pension referred to in section *four;*
(xii) "pensioner" means a person who draws a social pension under this Ordinance;
(xiii) "prescribed" means prescribed by regulation;
(xiv) "regulation" means a regulation made and in force under this Ordinance;
(xv) "Secretary" means the Secretary for South West Africa;
(xvi) "social pension" means an old age pension, a blind person's pension or a disability grant;
(xvii) "this Ordinance" includes any regulation;
(xviii) "white person" means a person who in appearance obviously is, or who is generally accepted as, a white person, but does not include a person who, although in appearance obviously a white person, is generally accepted as a coloured person.

## CHAPTER 1

## COMMISSIONER OF PENSIONS AND DISTRICT PENSION OFFICERS.

Commissioner of Pensions and district pension officers.

2. (1) The Administrator shall appoint an officer in the public service as the Commissioner of Pensions who

No. 2 van 1965.]

# ORDONNANSIE

TER samevatting en wysiging van die wette op maatskaplike pensioene.

---

*(Goedgekeur 24 Maart 1965)*
*(Afrikaanse teks deur die Administrateur geteken)*

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika met die toestemming van die Staatspresident dermate sodanige toestemming nodig is vooraf verkreë en deur boodskap van die Administrateur aan die Wetgewende Vergadering meegedeel ooreenkomstig die bepalings van artikel *ses-en-twintig* van die Zuidwest Afrika Konstitutie Wet 1925 soos gewysig by artikel *sestien* van die Wysigingswet op Aangeleenthede van Suidwes-Afrika 1949 van die Republiek van Suid-Afrika VERORDEN:—

1. In hierdie ordonnansie, tensy die samehang anders aandui, beteken — Woordbepaling.

(i) „aansoeker" 'n aansoeker om 'n maatskaplike pensioen of iemand wat stappe doen om aansoek te doen om so'n pensioen;
(ii) „pensioen vir blindes" 'n pensioen vir blindes bedoel in artikel *vyf;*
(iii) „kleurling" iemand wat nie 'n blanke of 'n inboorling is nie en wat gewoonlik vir 'n kleurling deurgaan en ook 'n Burger van die Rehoboth-*Gebiet,* maar nie iemand wat hoewel hy volgens afkoms 'n kleurling is, gewoonlik as 'n inboorling deurgaan nie;
(iv) „kommissaris" die Kommissaris van Pensioene aangestel ingevolge artikel *twee;*
(v) „ongeskiktheidstoelae" 'n ongeskiktheidstoelae bedoel in artikel *ses;*
(vi) „distrikspensioenbeampte" 'n beampte as sodanig aangewys in subartikel (2) van artikel *twee;*
(vii) „distriksgeneesheer" ook elke voltydse staatsmediese beampte en, as die Administrateur hom gemagtig het om enige plig, werksaamheid of bevoegdheid wat ingevolge hierdie ordonnansie by 'n distriksgeneesheer berus, uit te oefen of uit te voer, ook 'n deeltydse staatsmediese beampte of 'n mediese beampte in die diens van 'n openbare hospitaalbestuur;
(viii) „arbeidsburo" 'n werkverskaffingskantoor of werkverskaffingsagentskap beheer deur die Administrasie;
(ix) „plaaslike bestuur" 'n munisipale raad en 'n dorpsbestuur;
(x) „inboorling" iemand wat 'n lid is van 'n inboorlingras of -stam van Afrika of wat gewoonlik as 'n inboorling deurgaan;
(xi) „ouderdomspensioen" 'n ouderdomspensioen bedoel in artikel *vier;*
(xii) „pensioentrekker" iemand wat ingevolge hierdie ordonnansie 'n maatskaplike pensioen trek;
(xiii) „voorgeskryf" of „voorgeskrewe" by regulasie voorgeskryf;
(xiv) „regulasie" 'n regulasie gemaak en van krag ingevolge hierdie ordonnansie;
(xv) „Sekretaris" die Sekretaris van Suidwes-Afrika;
(xvi) „maatskaplike pensioen" 'n ouderdomspensioen, 'n pensioen vir blindes of 'n ongeskiktheidstoelae;
(xvii) „hierdie ordonnansie" ook enige regulasie;
(xviii) „blanke" iemand wat volgens voorkoms klaarblyklik 'n blanke is of wat gewoonlik vir 'n blanke deurgaan, maar nie iemand wat, hoewel hy volgens voorkoms klaarblyklik 'n blanke is, gewoonlik vir 'n kleurling deurgaan nie.

---

## HOOFSTUK I

## KOMMISSARIS VAN PENSIOENE EN DISTRIKS-PENSIOENBEAMPTES

2. (1) Die Administrateur stel 'n beampte in die staatsdiens as Kommissaris van Pensioene aan wat onderhewig Kommissaris van Pensioene en distrikspensioenbeamptes.

shall, subject to the control of the Administrator, be charged with the general administration of this Ordinance.

(2) The Administrator shall designate officers of the public service to be district pension officers for specified areas, whose functions shall be —

(a) to receive and register applications for social pensions under this Ordinance;

(b) to investigate such applications;

(c) to submit such applications with their reports thereon to the commissioner;

(d) to enquire into any matter which may have a bearing upon a social pension and to submit a report thereon to the commissioner; and

(e) to perform such other duties as may be imposed upon them by this Ordinance or the Administrator.

Powers of Commissioner of Pensions and district pension officers.

3. (1) The commissioner or any district pension officer may take evidence for the purpose of enquiring into any matter falling within his functions under this Ordinance, and for that purpose may subpoena witnesses, require the production of any book, record or document relevant to the enquiry, administer an oath or affirmation to any witness and examine him and any such book, record or document.

(2) A subpoena to attend before the commissioner or a district pension officer or to produce any book, record or document, shall correspond as nearly as practicable with the form set out in the First Schedule, shall be signed by the commissioner or the district pension officer concerned and shall be served either by registered letter sent through the post or by delivery to the person subpoenaed, by any person whom the commissioner or district pension officer has authorized to effect such service, or in the same manner as it would be served if it were a subpoena issued by a magistrate's court.

(3) Any person who, without lawful excuse (the onus of proving which shall be upon him) fails to attend at the time and place mentioned in any subpoena served upon him in terms of subsection (2), or to produce any book, record or document in terms of any such subpoena, or refuses to be sworn or to make an affirmation when required to do so under sub-section (1), or when being examined under that sub-section refuses to answer fully and satisfactorily any question lawfully put to him, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding two hundred rand: Provided that every person so subpoenaed shall be entitled to all the privileges to which a witness subpoenaed to give evidence before the South West Africa Division of the Supreme Court of South Africa is entitled.

(4) Any witness who, after having been duly sworn or having made affirmation, gives false evidence before the commissioner or a district pension officer on any matter relevant to the enquiry, knowing such evidence to be false, shall be guilty of perjury.

---

## CHAPTER II

## PERSONS ENTITLED TO SOCIAL PENSIONS

Persons entitled to old age pensions.

4. (1) Subject to appropriation of the necessary funds by the Legislative Assembly and subject to the provisions of this Ordinance, every person who is a white person or a coloured person shall be entitled to receive an old age pension if he satisfies the commissioner —

(a) that —

(i) in the case of a man, he has attained the age of sixty-five years, or he has rendered any service in the interest of the Territory or the Republic of South Africa or such territories as now form part of the Republic of South Africa in any military capacity before the year 1920 and has attained the age of sixty years; or

(ii) in the case of a woman, that she has attained the age of sixty years;

(b) that he is domiciled in the Territory;

(c) that at the time of making application for such pension, he is resident in the Territory;

aan beheer deur die Administrateur belas word met die algemene uitvoering van hierdie ordonnansie.

(2) Die Administrateur wys beamptes van die staatsdiens aan as distrikspensioenbeamptes vir bepaalde gebiede en hul ampspligte is —

(a) om aansoeke om maatskaplike pensioene ingevolge hierdie ordonnansie te ontvang en te registreer;
(b) om sodanige aansoeke te ondersoek;
(c) om sodanige aansoeke met hulle verslae daaroor aan die kommissaris voor te lê;
(d) om enige aangeleentheid te ondersoek wat op 'n maatskaplike pensioen betrekking kan hê en om daaroor verslag aan die kommissaris te doen; en
(e) om die ander pligte te verrig wat by hierdie ordonnansie of deur die Administrateur aan hulle opgelê word.

**Bevoegdhede van Kommissaris van Pensioene en Distrikspensioenbeamptes.**

3. (1) Die kommissaris of enige distrikspensioenbeampte kan getuienis afneem ten einde 'n aangeleentheid binne sy ampspligte ingevolge hierdie ordonnansie te ondersoek, en kan daarvoor getuies dagvaar, die voorlegging van enige boek, register of dokument vereis wat op die ondersoek betrekking het, 'n getuie 'n eed oplê of 'n bevestiging van hom afneem en hom ondervra en so'n boek, register of dokument ondersoek.

(2) 'n Dagvaarding om voor die kommissaris of 'n distrikspensioenbeampte te verskyn of om 'n boek, register of dokument voor te lê, moet sover doenlik ooreenstem met die vorm in die eerste bylae uiteengesit, moet deur die kommissaris of die betrokke distrikspensioenbeampte onderteken word en moet aan die gedagvaarde bestel word òf per aangetekende brief deur die pos versend òf deur aflewering deur iemand wat die kommissaris of die distrikspensioenbeampte gemagtig het om dit aldus te bestel, of op dieselfde wyse as wat dit bestel sou word as dit 'n dagvaarding uitgereik deur 'n landdroshof was.

(3) Iemand wat sonder wettige verontskuldiging (waarvan die bewyslas op hom rus) versuim om op die tyd en plek vermeld in 'n dagvaarding ingevolge subartikel (2) aan hom bestel, te verskyn of om 'n boek, register of dokument ooreenkomstig so'n dagvaarding voor te lê, of weier om 'n eed af te lê of te bevestig wanneer hy ingevolge subartikel (1) daartoe aangesê word, of wanneer hy ingevolge daardie subartikel ondervra word, weier om enige vraag wat wettig aan hom gestel word, ten volle en bevredigend te beantwoord, is aan 'n misdryf skuldig en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens tweehonderd rand: Met dien verstande dat elkeen aldus gedagvaar geregtig is op al die voorregte waarop 'n getuie geregtig is wat gedagvaar word om voor die Suidwes-Afrika-afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika getuienis af te lê.

(4) 'n Getuie wat, nadat hy behoorlik 'n eed of bevestiging afgelê het, valse getuienis voor die kommissaris of 'n distrikspensioenbeampte aflê oor 'n aangeleentheid wat by die ondersoek ter sake is, met die wete dat daardie getuienis vals is, is skuldig aan meineed.

---

## HOOFSTUK II

## WIE OP MAATSKAPLIKE PENSIOENE GEREGTIG IS

**Wie op ouderdomspensioen geregtig is.**

4. (1) Onderhewig aan die bewilliging van die nodige geld deur die Wetgewende Vergadering en behoudens die bepalings van hierdie ordonnansie is elkeen wat 'n blanke of 'n kleurling is, geregtig op 'n ouderdomspensioen as hy die kommissaris oortuig —

(a) dat —
  (i) in die geval van 'n man, hy die ouderdom van vyf-en-sestig jaar bereik het of in die belang van die Gebied of die Republiek van Suid-Afrika of gebiede wat nou deel van die Republiek van Suid-Afrika uitmaak, in 'n militêre hoedanigheid vòòr die jaar 1920 diens gelewer het en die ouderdom van sestig jaar bereik het; of
  (ii) in die geval van 'n vrou, sy die ouderdom van sestig jaar bereik het;
(b) dat hy in die Gebied gedomisilieer is;
(c) dat hy ten tyde van sy aansoek om sodanige pensioen in die Gebied woon;

(d) that —

(i) he is a South African citizen and has been such a citizen for the five years immediately preceding the date of his application for such pension, and has been ordinarily resident in the Territory as such a citizen for five out of the ten years immediately preceding the said date; or

(ii) he has been ordinarily resident in the Territory for fifteen out of the twenty years immediately preceding the date of his application for such pension and that he is a South African citizen; or

(iii) he has been ordinarily resident in the Territory for twenty-five out of the thirty years immediately preceding the date of his application for such pension, if he is not a South African citizen.

(2) Notwithstanding the provisions of sub-paragraph (iii) of paragraph (d) of sub-section (1), a British subject to whom an old age pension has been granted in terms of the Old Age Pension Ordinance, 1942 (Ordinance 13 of 1942), shall continue to receive such a pension in terms of the provisions of this Ordinance.

(3) No old age pension shall be paid under this Ordinance to any person who is in receipt of a blind person's pension or a disability grant.

**Persons entitled to blind person's pensions.**

5. (1) Subject to appropriation of the necessary funds by the Legislative Assembly and subject to the provisions of this Ordinance every white person or coloured person who is blind according to the criteria prescribed by regulation shall be entitled to receive a blind person's pension if he satisfies the commissioner —

(a) that he has attained the age of sixteen years;

(b) that he is domiciled in the Territory;

(c) that at the time of making application for such pension he is resident in the Territory;

(d) that —

(i) he is a South African citizen; or

(ii) he has been ordinarily resident in the Territory for ten out of the fifteen years immediately preceding the date of his application for such pension.

(2) (a) No white person who is under the age of twenty-one years and who is eligible for admission to a school for the blind established or approved in the Republic or South Africa under the Special Education Act 1948 (Act 9 of 1948), but who does not attend such school, shall be entitled to a blind person's pension unless the appropriate head of department contemplated in the said Act has certified that such person is by reason of his physical or mental condition unable to pursue or to complete the prescribed course of instruction in such school.

(b) If a pensioner is admitted to a school referred to in paragraph (a), such portion of his blind person's pension as is prescribed shall be utilized to assist in defraying such costs as the Administration may incur in connection with his training in such school.

(3) No person shall be entitled to a blind person's pension if he refuses, for reasons which the commissioner considers to be inadequate, to submit himself to any medical treatment which may be recommended by a district surgeon or an ophthalmologist designated by the commissioner after consultation with the Director of Health Services.

**Persons qualified to receive disability grants.**

6. (1) Subject to appropriation of the necessary funds by the Legislative Assembly and subject to the provisions of this Ordinance, every person who is a white person or a coloured person may be paid a disability grant if the commissioner is satisfied —

(a) that he has attained the age of sixteen years;

(b) that physical or mental disabilities of a permanent nature render him incapable of deriving from any employment or occupation the means required to enable him to provide adequately for his own maintenance;

(d) dat hy —

(i) 'n Suid-Afrikaanse burger is en reeds vyf jaar so'n burger was onmiddellik voor die datum van sy aansoek om sodanige pensioen en vyf uit die tien jaar wat sodanige datum onmiddellik voorafgaan as so'n burger gewoonlik in die Gebied gewoon het; of

(ii) vyftien uit die twintig jaar wat die datum van sy aansoek om sodanige pensioen onmiddellik voorafgaan gewoonlik in die Gebied gewoon het en 'n Suid-Afrikaanse burger is;

(iii) vyf-en-twintig uit die dertig jaar wat die datum van sy aansoek om sodanige pensioen onmiddellik voorafgaan, gewoonlik in die Gebied gewoon het, as hy nie 'n Suid-Afrikaanse burger is nie.

(2) Nieteenstaande die bepalings van subparagraaf (iii) van paragraaf (d) van subartikel (1) bly 'n Britse onderdaan aan wie 'n ouderdomspensioen ingevolge die Ouderdomspensioenordonnansie 1942 (Ordonnansie 13 van 1942) toegeken is, so'n pensioen ontvang ingevolge die bepalings van hierdie ordonnansie.

(3) Geen ouderdomspensioen word ingevolge hierdie ordonnansie betaal aan iemand wat 'n pensioen vir blindes of 'n ongeskiktheidstoelae ontvang nie.

**Wie geregtig is op pensioene vir blindes.**

5. (1) Onderhewig aan die bewilliging van die nodige geld deur die Wetgewende Vergadering en behoudens die bepalings van hierdie ordonnansie is elke blanke of kleurling wat volgens die maatstawe voorgeskryf by regulasie, blind is, geregtig op die ontvangs van 'n pensioen vir blindes as hy die kommissaris oortuig —

(a) dat hy die ouderdom van sestien jaar bereik het;

(b) dat hy in die Gebied gedomisilieer is;

(c) dat hy ten tyde van sy aansoek om 'n pensioen in die Gebied woon;

(d) dat hy —

(i) 'n Suid-Afrikaanse burger is; of

(ii) tien uit die vyftien jaar wat die datum van sy aansoek om sodanige pensioen onmiddellik voorafgaan gewoonlik in die Gebied gewoon het.

(2) (a) Geen blanke wat jonger as een-en-twintig jaar is en wat toegelaat kan word tot 'n skool vir blindes, gestig of goedgekeur in die Republiek van Suid-Afrika ingevolge die Wet op Buitengewone Onderwys 1948 (Wet 9 van 1948) maar wat so'n skool nie bywoon nie, is geregtig op 'n pensioen vir blindes nie, tensy die betrokke departementshoof bedoel in die genoemde wet gesertifiseer het dat so iemand vanweë sy liggaamlike of geestelike toestand nie in staat is om die voorgeskrewe leerkursus in sodanige skool te volg of te voltooi nie.

(b) As 'n pensioentrekker toegelaat word tot 'n skool bedoel in paragraaf (a) word daardie deel van sy pensioen vir blindes wat voorgeskryf word, gebruik om die koste wat die Administrasie aangaan in verband met sy opleiding in sodanige skool te help bestry.

(3) Niemand is geregtig op 'n pensioen vir blindes nie as hy weier om redes wat die kommissaris as onvoldoende beskou, om hom te onderwerp aan enige mediese behandeling wat 'n distriksgeneesheer of 'n oogarts aangewys deur die kommissaris na oorleg met die Direkteur van Gesondheidsdienste moontlik aanbeveel.

**Wie geregtig is op ongeskiktheidstoelaes.**

6. (1) Onderhewig aan die bewilliging van die nodige geld deur die Wetgewende Vergadering en behoudens die bepalings van hierdie ordonnansie kan daar aan elkeen wat 'n blanke of 'n kleurling is 'n ongeskiktheidstoelae betaal word as die kommissaris oortuig is —

(a) dat hy die ouderdom van sestien jaar bereik het;

(b) dat liggaamlike of geestelike gebreke van blywende aard hom onbekwaam maak om uit 'n diensbetrekking of beroep die middele te verkry wat nodig is om hom in staat te stel om behoorlik in sy eie onderhoud te voorsien;

(c) that he is domiciled in the Territory;

(d) that at the time of making application for such grant, he is resident in the Territory; and

(e) that —

(i) he is a South African citizen; or

(ii) he has been ordinarily resident in the Territory for ten out of the fifteen years immediately preceding the date of his application for such grant.

(2) No person shall be qualified to receive a disability grant —

(a) if he has the ability and the opportunities to provide adequately for his own maintenance; or

(b) if he receives an old age pension or a blind person's pension or a veteran's pension under the War Veterans' Pensions Act, 1962 (Act 40 of 1962), of the Republic of South Africa or a German war veteran's pension under the German War Veterans' Pensions Ordinance, 1965; or

(c) if a grant is paid in respect of him under the Children's Ordinance, 1961 (Ordinance 31 of 1961), or he is otherwise cared for by virtue of any action taken under that Ordinance; or

(d) if he is required by law to attend any school; or

(e) if in the case of a married woman, she is in the opinion of the commissioner being adequately maintained by her husband, whether or not she is ordinarily resident with him: Provided that a married woman whose husband is in receipt of a social pension under this Ordinance, shall be deemed not to be adequately maintained by her husband; or

(f) if he is being compulsorily detained and maintained at public expense in any prison, mental hospital, institution for the feeble minded, leper institution or other institution maintained by the State; or

(g) if he refuses for reasons which the commissioner considers to be inadequate, to submit himself to any medical examination or treatment which a district surgeon deems necessary in order to determine the degree of his alleged disability: Provided that a refusal to undergo any such treatment which involves or may involve danger to life shall not be deemed to be based on inadequate reasons; or

(h) if he, for reasons which the commissioner considers to be inadequate, omits or refuses to register himself at a labour bureau and to remain in communication with that bureau in accordance with the requirements of the district pension officer under sub-section (3) of section *ten;* or

(i) if for reasons which the commissioner considers to be inadequate, he refuses to accept any employment which is within his capacity and appropriate to his circumstances and from which he would have been able to derive the means required to enable him to provide adequately for his own maintenance.

**Persons not qualified to receive social pensions.**

7. If a pensioner is at any time compulsorily detained and maintained at public expense in any prison, mental hospital, institution for the feeble minded, leper institution or other State institution, no pension shall be payable to him from the first day of the month immediately following the month in which his detention and maintenance therein commences to the last day of the month immediately preceding the month in which he ceases to be so detained and maintained.

**Meaning of residence.**

8. For the purposes of sub-section (1) of sections *four, five* and *six* residence in the Territory shall be deemed to include any period spent outside the Territory during which the person concerned has maintained his domicile in the Territory: Provided that for the purposes of paragraph (d) of sub-section (1) of sections *four* and *five* and of paragraph (e) of sub-section (1) of section *six* residence in the Republic of South Africa shall be deemed to be residence in the Territory.

(c) dat hy in die Gebied gedomisilieer is;

(d) dat hy ten tyde van sy aansoek om sodanige toelae in die Gebied woon; en

(e) dat hy —

(i) 'n Suid-Afrikaanse burger is; of

(ii) tien uit die vyftien jaar wat die datum van sy aansoek om sodanige toelae onmiddellik voorafgaan gewoonlik in die Gebied gewoon het.

(2) Niemand is bevoeg om 'n ongeskiktheidstoelae te ontvang nie —

(a) as hy oor die vermoë en geleenthede beskik om behoorlik in sy eie onderhoud te voorsien; of

(b) as hy 'n ouderdomspensioen of 'n pensioen vir blindes of 'n oudstryderspensioen ingevolge die Wet op Oudstryderspensioene 1962 (Wet 40 van 1962) van die Republiek van Suid-Afrika of 'n Duitse oudstryderspensioen ingevolge die Duitse Oudstryderspensioenordonnansie 1965 ontvang; of

(c) as 'n toelae ingevolge die Kinderordonnansie 1961 (Ordonnansie 31 van 1961) ten opsigte van hom betaal word of hy andersins versorg word uit hoofde van enige optrede ingevolge daardie ordonnansie; of

(d) as hy volgens wet verplig word om 'n skool by te woon; of

(e) in die geval van 'n getroude vrou, as sy volgens die oordeel van die kommissaris behoorlik deur haar eggenoot onderhou word, hetsy sy gewoonlik met hom saamwoon of nie: Met dien verstande dat 'n getroude vrou wie se eggenoot 'n maatskaplike pensioen ingevolge hierdie ordonnansie ontvang, geag word nie behoorlik deur haar eggenoot onderhou te word nie; of

(f) as hy onder dwang aangehou word en op staatskoste onderhou word in 'n gevangenis, hospitaal vir sielsiekes, inrigting vir swaksinniges, inrigting vir melaatses of ander inrigting wat deur die staat in stand gehou word; of

(g) as hy op gronde wat die kommissaris onvoldoende beskou, weier om hom te onderwerp aan geneeskundige ondersoek of behandeling wat 'n distriksgeneesheer nodig ag ten einde die mate van sy beweerde ongeskiktheid vas te stel: Met dien verstande dat 'n weiering om sodanige behandeling wat lewensgevaarlik is of mag wees, te ondergaan nie geag word om op onvoldoende gronde te berus nie; of

(h) as hy om redes wat die kommissaris onvoldoende beskou, versuim of weier om hom by 'n arbeidsburo te laat registreer en met daardie buro in verbinding te bly volgens voorskrif van die distrikspensioenbeampte ingevolge subartikel (3) van artikel *tien;* of

(i) as hy om redes wat die kommissaris onvoldoende beskou, weier om werk te aanvaar wat binne sy vermoë is en by sy omstandighede pas en waaruit hy die middele sou kon verkry het wat nodig is ten einde hom in staat te stel om behoorlik in sy eie onderhoud te voorsien.

**Wie onbevoeg is om maatskaplike pensioene te ontvang.**

7. As 'n pensioentrekker te eniger tyd onder dwang aangehou word en op staatskoste onderhou word in 'n gevangenis, hospitaal vir sielsiekes, inrigting vir swaksinniges, inrigting vir melaatses of ander staatsinrigting, is daar van die eerste dag van die maand onmiddellik na die maand waarin sy aanhouding en onderhoud aldaar begin tot op die laaste dag van die maand onmiddellik voor die maand waarin sy aanhouding en onderhoud aldaar ten einde loop, geen pensioen aan hom betaalbaar nie.

**Betekenis van verblyf.**

8. By die toepassing van subartikel (1) van artikels *vier, vyf* en *ses* word daar aangeneem dat verblyf in die Gebied enige tydperk deurgebring buite die Gebied waarin die betrokke persoon sy domisilie in die Gebied behou het, insluit: Met dien verstande dat by die toepassing van paragraaf (d) van subartikel (1) van artikels *vier* en *vyf* en van paragraaf (e) van subartikel (1) van artikel *ses* verblyf in die Republiek van Suid-Afrika beskou word as verblyf in die Gebied.

Payment of social pension to pensioner who ceases to be domiciled or — resident in Territory.

9. The payment of a social pension to any person who ceases to be domiciled or resident in the Territory may with the consent of the Administrator, be continued under such conditions as the Administrator may determine.

---

## CHAPTER III.

## APPLICATIONS FOR AND PAYMENT OF SOCIAL PENSIONS

Application for social pension.

10. (1) An application for a social pension shall be addressed in the prescribed form to the district pension officer concerned, and the applicant shall furnish in support thereof such particulars and information as may be prescribed or as the district pension officer may require.

(2) (a) Upon receipt of an application for a blind person's pension or an application for a disability grant, the district pension officer shall require the applicant concerned to submit himself to medical examination by a district surgeon.

(b) The district surgeon may —

(i) call upon any person or the management of any society, hospital or institution who or which is in possession of any information regarding the previous medical history of such applicant, to furnish him with a report setting forth all such information or so much thereof as the district surgeon may require;

(ii) request such applicant to undergo at public expense any medical examination or treatment, including treatment in a hospital, which he may deem necessary in order to determine the degree of the applicant's disability.

(3) (a) If after an applicant has undergone any medical examination or treatment in terms of sub-section (2), the district surgeon reports to the district pension officer that such applicant, though suffering from mental or physical disability of a permanent nature, is nevertheless capable of undertaking some form of employment, the district pension officer shall require such applicant to register himself at a labour bureau and to remain in communication with that bureau for a period of not less than three months and to endeavour to find such form of employment.

(b) if notwithstanding his registration at a labour bureau and his endeavours, such applicant is unable to obtain employment within the period specified; or if such applicant has during the said period received an offer of employment which in the opinion of the district pension officer is within his capacity and appropriate to his circumstances and has refused that offer, the district pension officer shall report the circumstances to the commissioner.

(4) The district pension officer shall, after the completion of any enquiry which he may deem necessary in connection with an application for a social pension, and after the results of any action which may have been taken in respect of an applicant under sub-sections (2) and (3) have become known, transmit the application concerned to the commissioner together with his recommendation thereon and all information relating thereto, including any medical reports.

(5) The commissioner may in his discretion direct a special investigation to be made into the general or financial circumstances of any applicant.

Decision on application for social pension.

11. The commissioner shall, after consideration of any application transmitted to him in terms of sub-section (4) of section *ten* and of the district pension officer's report thereon and any further information furnished in respect thereof, determine whether the applicant concerned is entitled to a social pension and, if he is so entitled, the amount of such pension.

Determination of amount of social pension.

12. (1) A social pension granted to any pensioner, shall, subject to the provisions of this section, be of such amount as having regard to the circumstances of such pensioner, the commissioner deems reasonable and sufficient, but shall not exceed the amounts and rates prescribed.

(2) In determining whether any person should be granted a social pension or the amount of any such pen-

9. Die betaling van 'n maatskaplike pensioen aan iemand wat nie meer in die Gebied gedomisilieer of woonagtig is nie, kan met die toestemming van die Administrateur voortgaan op die voorwaardes wat die Administrateur bepaal.

Betaling van maatskaplike pensioen aan pensioentrekker wat nie meer in die Gebied gedomisilieer of woonagtig is nie.

---

## HOOFSTUK III

## AANSOEKE OM EN BETALING VAN MAATSKAPLIKE PENSIOENE

Aansoek om maatskaplike pensioen.

10. (1) 'n Aansoek om 'n maatskaplike pensioen moet in die voorgeskrewe vorm aan die betrokke distrikspensioenbeampte gerig word en die aansoeker moet ter stawing daarvan die besonderhede en inligting verstrek wat voorgeskryf is of wat die distrikspensioenbeampte vereis.

(2) (a) By ontvangs van 'n aansoek om 'n pensioen vir blindes of 'n aansoek om 'n ongeskiktheidstoelae vereis die distrikspensioenbeampte dat die aansoeker hom deur 'n distriksgeneesheer geneeskundig moet laat ondersoek.

(b) Die distriksgeneesheer kan —

(i) enigiemand of die bestuur van enige vereniging, hospitaal of inrigting wat oor inligting beskik aangaande die vorige geneeskundige geskiedenis van die aansoeker, aansê om aan hom 'n verslag te lewer waarin al daardie inligting of soveel daarvan as wat die distriksgeneesheer verlang, verstrek word;

(ii) die aansoeker versoek om op staatskoste geneeskundige ondersoek of behandeling, met inbegrip van hospitaalbehandeling, te ondergaan wat hy nodig ag ten einde die mate van die aansoeker se ongeskiktheid vas te stel.

(3) (a) As die distriksgeneesheer, nadat 'n aansoeker ingevolge subartikel (2), geneeskundig ondersoek of behandel is, die distrikspensioenbeampte in kennis stel dat die aansoeker, hoewel hy aan 'n liggaamlike of geestelike gebrek van blywende aard ly, hy nogtans in staat is om die een of ander vorm van werk te onderneem, vereis die distrikspensioenbeampte dat die aansoeker hom by 'n arbeidsburo moet laat registreer en vir 'n tydperk van minstens drie maande met daardie buro in verbinding moet bly en die een of ander vorm van werk moet probeer vind.

(b) As die aansoeker ondanks sy registrasie by 'n arbeidsburo en sy pogings nie daarin slaag om binne die gemelde tydperk werk te kry nie of as sodanige aansoeker gedurende bedoelde tydperk 'n aanbod van werk ontvang het wat, na die distrikspensioenbeampte meen, binne sy vermoë is en by sy omstandighede pas en daardie aanbod van die hand gewys het, moet die distrikspensioenbeampte die omstandighede aan die kommissaris meedeel.

(4) Die distrikspensioenbeampte moet na voltooiing van enige ondersoek wat hy nodig ag in verband met 'n aansoek om 'n maatskaplike pensioen en nadat die uitslag van enige stappe wat moontlik ten opsigte van 'n aansoeker ingevolge subartikels (2) en (3) gedoen is, bekend geword het, die betrokke aansoek saam met sy aanbeveling daaroor en alle inligting wat daarop betrekking het, insluitende geneeskundige verslae, aan die kommissaris deurstuur.

(5) Die kommissaris kan na goeddunke gelas dat 'n spesiale ondersoek na die algemene of geldelike omstandighede van enige aansoeker ingestel moet word.

Besluit oor aansoek om maatskaplike pensioen.

11. Na oorweging van 'n aansoek aan hom deurgestuur ingevolge subartikel (4) van artikel *tien* en van die distrikspensioenbeampte se verslag daaroor en enige nadere inligting ten opsigte daarvan verskaf, besluit die kommissaris of die betrokke aansoeker op 'n maatskaplike pensioen geregtig is, en, as hy aldus daarop geregtig is, bepaal die kommissaris die bedrag van sodanige pensioen.

Bepaling van bedrag van maatskaplike pensioen.

12. (1) 'n Maatskaplike pensioen toegeken aan enige pensioentrekker beloop, behoudens die bepalings van hierdie artikel, 'n bedrag wat die kommissaris met inagneming van die omstandighede van sodanige pensioentrekker, redelik en voldoende ag, maar dit mag nie die voorgeskrewe bedrae en skale te bowe gaan nie.

(2) By 'n beslissing oor die vraag of iemand 'n maatskaplike pensioen behoort te kry of oor die bedrag van

sion or whether or not such a pension should be cancelled or increased or reduced, the commissioner shall take into account —

(a) the ability of the spouse of an applicant or pensioner to support him or to contribute towards his support;

(b) the ability and opportunities of an applicant or pensioner to support himself or to contribute towards his support by his own exertions;

(c) the cost of living and the economic conditions prevailing in the locality in which an applicant or a pensioner resides; and

(d) in the case of an applicant for a blind person's pension or a disability grant or a recipient of blind person's pension or a disability grant, the ability of his parents to support him or to contribute towards his support if he is not married and has not attained the age of twenty-one years.

Attendent's allowance.

13. (1) If in the opinion of the commissioner the physical or mental condition of a person to whom a social pension has been granted under this Ordinance necessitates the regular attendance of any person, the commissioner may, on such conditions as he may determine, in addition to the said pension, grant to the pensioner concerned or to any person on his behalf an allowance not exceeding an amount prescribed.

(2) An allowance in terms of sub-section (1) shall accrue as from the first day of the month in which the commissioner is satisfied that the physical or mental condition of the pensioner concerned necessitates the regular attendance of another person.

(3) The provisions of sub-sections (1), (2) and (3) of section *fifteen* shall *mutatis mutandis* apply with reference to an allowance under this section.

Date of accrual of social pension.

14. Notwithstanding anything to the contrary contained in this Ordinance, a social pension granted thereunder shall accrue —

(a) if application is made for a social pension in terms of section *four, five* or *six* before the expiration of a period of sixty days from the date on which the applicant concerned becomes entitled thereto, as from the first day of the month in which such applicant becomes so entitled; or

(b) if such an application is so made after the expiration of the said period of sixty days, as from the first day of the month in which application is made.

Cancellation or variation of social pension.

15. (1) The commissioner may at any time review any social pension and if he is satisfied —

(a) that such a pension should be cancelled, reduced or increased, he may, with due regard to the circumstances of each case —

(i) cancel such pension; or

(ii) reduce or increase such pension in conformity with the provisions of section *twelve,*

with effect from such date, including any past date, as he may determine;

(b) that such a pension which has been cancelled should be restored, he may restore such pension in conformity with the provisions of section *twelve* with effect from the first day of the month in which such pension should in his opinion be so restored or have been so restored.

(2) If application is made for the increase of a social pension and the commissioner is satisfied that such pension should be increased, he may, notwithstanding anything to the contrary contained in this Ordinance, increase such pension in conformity with the provisions of section *twelve* with effect from the first day of the month in which the application is made: Provided that if the application is made within the period of sixty days from the date on which in the opinion of the commissioner, the pensioner concerned became qualified to receive the increase, the commissioner may increase such

so'n pensioen of oor die vraag of so'n pensioen ingetrek of verhoog of verminder behoort te word of nie, hou die kommissaris rekening met —

(a) die vermoë van die aansoeker of pensioentrekker se gade om hom te onderhou of tot sy onderhoud by te dra;

(b) die vermoë en geleenthede van 'n aansoeker of pensioentrekker om hom deur sy eie inspanning te onderhou of tot sy onderhoud by te dra;

(c) die lewenskoste en die ekonomiese toestande wat heers in die omgewing waarin die aansoeker of die pensioentrekker woon; en

(d) in die geval van 'n aansoeker om 'n pensioen vir blindes of 'n ongeskiktheidstoelae of 'n ontvanger van 'n pensioen vir blindes of 'n ongeskiktheidstoelae, die vermoë van sy ouers om hom te onderhou of om tot sy onderhoud by te dra as hy nie getroud is nie en nie die ouderdom van een-en-twintig jaar bereik het nie.

Toelae vir oppasser.

13. (1) As die kommissaris meen dat iemand aan wie 'n maatskaplike pensioen ingevolge hierdie ordonnansie toegeken is, in so'n liggaamlike of geestelike toestand verkeer dat hy gereeld deur iemand opgepas moet word, kan die kommissaris op die voorwaardes wat hy bepaal, benewens die bedoelde pensioen, aan die betrokke pensioentrekker of aan iemand ten behoewe van hom 'n toelae van hoogstens 'n voorgeskrewe bedrag toeken.

(2) 'n Toelae ingevolge subartikel (1) val toe met ingang van die eerste dag van die maand waarin die kommissaris oortuig is dat die liggaamlike of geestelike toestand van die betrokke pensioentrekker gereelde oppassing deur iemand anders vereis.

(3) Die bepalings van subartikels (1), (2) en (3) van artikel *vyftien* geld *mutatis mutandis* ten opsigte van 'n toelae ingevolge hierdie artikel.

Datum waarop maatskaplike pensioen toeval.

14. Nieteenstaande andersluidende bepalings in hierdie ordonnansie val 'n maatskaplike pensioen wat daarkragtens toegeken is toe —

(a) as aansoek om 'n maatskaplike pensioen ingevolge artikel *vier, vyf* of *ses* gedoen is voor die verstryking van 'n tydperk van sestig dae van die datum waarop die betrokke aansoeker daarop geregtig word, met ingang van die eerste dag van die maand waarin sodanige aansoeker aldus geregtig word; of

(b) as so'n aansoek gedoen word na die verstryking van die genoemde tydperk van sestig dae, met ingang van die eerste dag van die maand waarin aansoek gedoen word.

Intrekking of verandering van maatskaplike pensioen.

15. (1) Die kommissaris kan 'n maatskaplike pensioen te eniger tyd hersien en as hy oortuig is —

(a) dat so'n pensioen ingetrek, verminder of verhoog moet word, kan hy met behoorlike inagneming van die omstandighede van elke geval —

(i) sodanige pensioen intrek; of

(ii) sodanige pensioen verminder of verhoog ooreenkomstig die bepalings van artikel *twaalf*, met ingang van die datum, insluitende enige datum in die verlede, wat hy bepaal;

(b) dat so'n pensioen wat ingetrek is, herstel behoort te word, kan hy sodanige pensioen ooreenkomstig die bepalings van artikel *twaalf* herstel met ingang van die eerste dag van die maand waarin sodanige pensioen syns insiens aldus herstel behoort te word of moes gewees het.

(2) As aansoek om die verhoging van 'n maatskaplike pensioen gedoen word en die kommissaris oortuig is dat sodanige pensioen verhoog behoort te word, kan hy, nieteenstaande andersluidende bepalings in hierdie ordonnansie, sodanige pensioen verhoog ooreenkomstig die bepalings van artikel *twaalf* met ingang van die eerste dag van die maand waarin die aansoek gedoen word: Met dien verstande dat as die aansoek gedoen word binne 'n tydperk van sestig dae vanaf die datum waarop, na die kommissaris meen, die betrokke pensioentrekker aan die vereistes vir die verhoging voldoen het, die kommissaris sodanige pensioen kan verhoog met ingang van die eerste

pension with effect from the first day of the month in which such pensioner became so qualified.

(3) When the pensioner dies his social pension shall, notwithstanding anything to the contrary contained in this Ordinance or any other law, be payable to the last day of the month in which he dies.

(4) If a pensioner is voluntarily admitted to any home for the aged, or any hospital (including a mental hospital) or any other institution, such portion as is prescribed of his social pension, shall be paid to the said home for the aged, hospital or other institution towards the cost of his maintenance therein: Provided that if a pensioner is voluntarily admitted to the mental hospital the said portion of his social pension, as aforesaid, shall not be paid to the said mental hospital but shall be dealt with in the prescribed manner.

Lapsing of social pension.

16. A social pension granted under this Ordinance shall lapse when the pensioner concerned has not drawn his social pension for six consecutive months: Provided that if the commissioner is satisfied that the failure to draw such pension was due to circumstances over which the said pensioner had no control, the commissioner may direct that such pension shall continue as from the date on which it was last drawn or from such other date as he may determine.

Suspension or administration of social pension.

17. (1) If in the opinion of the Administrator a pensioner has by reason of his misconduct ceased to deserve his social pension, the Administrator may suspend it or provide for its administration under such conditions as he may determine.

(2) If the commissioner is of the opinion that it is for any reason inadvisable to pay a social pension to a pensioner direct, he may order that such pension shall be paid to some other person on behalf of such pensioner under such conditions as to its administration as the commissioner may determine.

---

## CHAPTER IV.

## GENERAL AND SUPPLEMENTARY PROVISIONS.

Conversion of blind person's pension and disability grant to old age pension.

18. Where any person who is in receipt of a blind person's pension or a disability grant is qualified to receive an old age pension, such first mentioned pension or such grant may, if it is not to the disadvantage of such person, be converted at his request or by the commissioner into an old age pension with effect from a date determined by the commissioner.

Appeal to Administrator.

19. (1) Any decision or action by the commissioner in the administration of this Ordinance shall be subject to an appeal to the Administrator.

(2) An appeal to the Administrator under sub-section (1) shall be lodged and prosecuted in the manner and within the period prescribed.

(3) In any question arising out of any provision of this Ordinance the decision of the Administrator shall be final: Provided that the Administrator may at any time reconsider and vary or reverse such decision.

Social pension not assignable or executable.

20. (1) No social pension or right to a social pension under this Ordinance shall be capable of being assigned or transferred or otherwise ceded or of being pledged or hypothecated, nor shall it be liable to be attached or subjected to any form of execution under a judgment or order of a court of law, and if a pensioner attempts to assign, transfer or otherwise cede or to pledge or hypothecate such a pension or a right to such a pension, payment of such pension may, if the Administrator so determine, be withheld, suspended or entirely discontinued.

(2) If the estate of any pensioner is sequestrated, any sum of money payable to him under any law by virtue of the fact that he is a pensioner shall not form part of the assets in his insolvent estate.

dag van die maand waarin die pensioentrekker aldus voldoen het.

(3) Wanneer 'n pensioentrekker sterf, is sy maatskaplike pensioen nieteenstaande andersluidende bepalings in hierdie ordonnansie of enige ander wet betaalbaar tot op die laaste dag van die maand waarin hy sterf.

(4) As 'n pensioentrekker vrywillig toegelaat word tot 'n tehuis vir bejaardes of enige hospitaal (insluitende 'n sielsiekehospitaal) of enige ander inrigting, moet daardie deel wat voorgeskryf word van sy maatskaplike pensioen aan die bedoelde tehuis vir bejaardes, hospitaal of ander inrigting betaal word as bydrae tot die koste van sy onderhoud daarin: Met dien verstande dat as 'n pensioentrekker vrywillig tot 'n sielsiekehospitaal toegelaat word, die bedoelde deel van sy maatskaplike pensioen soos voormeld nie aan die bedoelde sielsiekehospitaal betaal word nie maar op die voorgeskrewe wyse mee gehandel word.

Verval van maatskaplike pensioen.

16. 'n Maatskaplike pensioen toegeken ingevolge hierdie ordonnansie verval wanneer die betrokke pensioentrekker vir ses agtereenvolgende maande sy maatskaplike pensioen nie getrek het nie: Met dien verstande dat as die kommissaris oortuig is dat die versuim om die pensioen te trek, aan omstandighede buite die bedoelde pensioentrekker se beheer te wyte was, die kommissaris kan gelas dat sodanige pensioen voortgaan van die datum waarop dit die laaste keer getrek is of van 'n ander datum wat hy bepaal.

Opskorting of beheer van maatskaplike pensioen.

17. (1) As 'n pensioentrekker, na die Administrateur meen, weens wangedrag nie meer verdien om sy maatskaplike pensioen te kry nie, kan die Administrateur dit opskort of bepaal dat dit beheer word op voorwaardes wat hy stel.

(2) As die kommissaris meen dat dit om die een of ander rede nie raadsaam is om 'n maatskaplike pensioen regstreeks aan 'n pensioentrekker te betaal nie, kan hy gelas dat sodanige pensioen aan iemand anders betaal word ten behoewe van sodanige pensioentrekker op die voorwaardes betreffende beheer daaroor wat die kommissaris bepaal.

---

## HOOFSTUK IV

## ALGEMENE EN AANVULLENDE BEPALINGS

Omskepping van pensioen vir blindes en ongeskiktheidstoelae in ouderdomspensioen.

18. Waar iemand wat 'n pensioen vir blindes of 'n ongeskiktheidstoelae ontvang, aan die vereistes vir 'n ouderdomspensioen voldoen, kan eersbedoelde pensioen of bedoelde toelae, as dit nie tot nadeel van so iemand strek nie, op sy versoek of deur die kommissaris, in 'n ouderdomspensioen omskep word met ingang van 'n datum wat die kommissaris bepaal.

Appèl by Administrateur.

19. (1) Enige beslissing of handeling van die kommissaris in die uitvoering van hierdie ordonnansie is onderhewig aan appèl by die Administrateur.

(2) 'n Appèl by die Administrateur ingevolge subartikel (1) moet aangeteken word en voortgevoer word op die voorgeskrewe wyse en binne die voorgeskrewe tydperk.

(3) By 'n vraag wat ontstaan uit enige bepaling van hierdie ordonnansie is die Administrateur se beslissing afdoende: Met dien verstande dat die Administrateur so'n beslissing te eniger tyd kan hersien en wysig of ter syde kan stel.

Maatskaplike pensioen is nie oordraagbaar of vatbaar vir beslaglegging nie.

20. (1) Geen maatskaplike pensioen of reg op 'n maatskaplike pensioen ingevolge hierdie ordonnansie kan oorgemaak of oorgedra of andersins gesedeer of verpand of verhipotikeer word nie en is ook nie vir beslaglegging of enige vorm van eksekusie ingevolge 'n vonnis of bevel van 'n geregshof vatbaar nie en as 'n pensioentrekker poog om so'n pensioen of 'n reg op so'n pensioen oor te maak, oor te dra of andersins te sedeer of te verpand of verhipotikeer, kan betaling van die pensioen weerhou, opgeskort of geheel en al gestaak word as die Administrateur aldus bepaal.

(2) As die boedel van 'n pensioentrekker gesekwestreer word, maak enige geldbedrag ingevolge 'n wetsbepaling aan hom betaalbaar uit hoofde daarvan dat hy 'n pensioentrekker is, nie deel van die bates van sy insolvente boedel uit nie.

Penalties for false statement and improper receipt of social pensions.

21. Any person who, for the purpose of obtaining or retaining a social pension, either for himself or for any other person, or for the purpose of obtaining or retaining for himself for any other person, a social pension at a higher rate than that appropriate to the case, makes any statement or representation which he knows to be false and any person who receives payment in respect of any such pension of any sum which he is, to his knowledge not entitled to receive, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding one hundred rand, or in default of payment, to imprisonment for a period of not exceeding three months or to both such fine and such imprisonment.

Repayment of sums overpaid.

22. (1) If any person has received under this Ordinance or any other law any sum of money which was paid to him by virtue of the fact that he is a pensioner and to which he was not entitled, he shall be liable to repay such sum to the Administrator unless the Administrator is satisfied that he received it without the knowledge that he was not entitled thereto: Provided that when such a person dies, his estate shall, notwithstanding anything to the contrary contained in this sub-section, be liable to repay such sum or so much thereof as has not been repaid by him or has not been recovered in terms of sub-section (2).

(2) Any such sum may, without prejudice to any other remedy, be recovered by means of deduction from any social pension due to the person liable to make such repayment.

(3) The provisions of this section shall apply with the necessary modifications to the case of a person to whom a social pension is paid under this Ordinance for or for the benefit of any other person.

(4) The Administrator may in his discretion write off the whole or any portion of any sum repayable in terms of this section if he is satisfied that it would be uneconomical to recover such sum or that recovery thereof would cause undue hardship.

Information to be furnished to commissioner.

23. Notwithstanding anything to the contrary contained in any other law, any registrar of births and deaths, registrar of deeds or prescribed officer shall upon application by the commissioner, furnish him with such information relative to any applicant for a social pension as may be prescribed or as may in any particular case be required by the commissioner.

Exemption from stamp duty.

24. No stamp duty shall be payable in respect of —

(a) any power of attorney given by an applicant to any person to apply for a social pension on his behalf, or any power of attorney given by a pensioner to any person to receive payment of a social pension on his behalf; or

(b) any receipt given in respect of the payment of a social pension.

Delegation of powers.

25. (1) The Administrator may delegate to the Secretary or to any other officer of the Administration any of the powers conferred upon him by sub-section (2) of section *two*, sub-section (1) of section *seventeen* or sub-section (1) of section *twenty-two*.

(2) The commissioner, may with the consent of the Administrator, authorize any officer of the Administration to exercise any of the powers conferred upon him by or under this Ordinance on his behalf.

Regulations.

26. (1) The Administrator may make regulations as to —

(a) the manner and form in which an application for a social pension shall be made and the evidence and information to be submitted with any such application by any applicant;

(b) the manner in which and the time within which an appeal may be lodged and prosecuted against any decision or action by the commissioner;

Strawwe vir valse verklarings en onbehoorlike ontvang van maatskaplike pensioen.

21. Iemand wat ten einde 'n maatskaplike pensioen te verkry of te behou, hetsy vir homself of vir iemand anders of ten einde vir homself of iemand anders 'n maatskaplike pensioen te verkry of te behou teen 'n hoër skaal as wat vir die geval toepaslik is, 'n verklaring aflê of iets voorgee wat na sy wete vals is, en iemand wat ten opsigte van 'n pensioen enige betaling ontvang van 'n bedrag wat hy na sy wete nie geregtig is om te ontvang nie, is aan 'n misdryf skuldig en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens eenhonderd rand of by wanbetaling met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie maande of met sodanige boete sowel as sodanige gevangenisstraf.

Terugbetaling van oorbetalings.

22. (1) As iemand ingevolge hierdie ordonnansie of enige ander wet 'n geldbedrag ontvang het wat aan hom betaal is uit hoofde daarvan dat hy 'n pensioentrekker is en waarop hy nie geregtig is nie, is hy aanspreeklik vir die terugbetaling van daardie geldbedrag aan die Administrateur tensy die Administrateur oortuig is dat hy dit ontvang het sonder die wete dat hy nie daarop geregtig was nie: Met dien verstande dat wanneer so iemand sterf, sy boedel nieteenstaande andersluidende bepalings van hierdie subartikel aanspreeklik is vir die terugbetaling van bedoelde geldbedrag of soveel daarvan as wat hy nie terugbetaal het nie of as wat nie ingevolge subartikel (2) verhaal is nie.

(2) So 'n bedrag kan sonder afbreuk aan enige ander regsmiddel verhaal word by wyse van aftrekkings van enige toelae betaalbaar aan die persoon wat dit moet terugbetaal.

(3) Die bepalings van hierdie artikel is met die nodige veranderinge van toepassing in die geval van iemand aan wie 'n maatskaplike pensioen ingevolge hierdie ordonnansie vir of ten voordele van iemand anders betaal word.

(4) Die Administrateur kan na goeddunke 'n bedrag wat ooreenkomstig hierdie artikel terugbetaal moet word geheel of gedeeltelik afskryf by oortuiging dat dit onekonomies sou wees om so'n bedrag te verhaal of dat die verhaal daarvan buitensporige ontbering sou veroorsaak.

Inligting wat aan kommissaris verstrek moet word.

23. Nieteenstaande andersluidende bepalings in enige ander wet, moet 'n registrateur van geboortes en sterfgevalle, registrateur van aktes of voorgeskrewe beampte op aansoek deur die kommissaris aan hom die inligting met betrekking tot 'n aansoeker om 'n maatskaplike pensioen verstrek wat voorgeskryf word of wat die kommissaris in 'n bepaalde geval vereis.

Vrystelling van seëlreg.

24. Geen seëlreg is betaalbaar nie ten opsigte van —

(a) 'n volmag deur 'n aansoeker aan iemand verleen om namens hom om 'n maatskaplike pensioen aansoek te doen of 'n volmag deur 'n pensioentrekker aan iemand verleen om betaling van 'n maatskaplike pensioen namens hom te ontvang; of

(b) 'n kwitansie ten opsigte van die betaling van 'n maatskaplike pensioen.

Delegering van bevoegdhede.

25. (1) Die Administrateur kan die bevoegdhede aan hom verleen by subartikel (2) van artikel *twee*, subartikel (1) van artikel *sewentien* of subartikel (1) van artikel *twee-en-twintig* delegeer aan die Sekretaris of aan enige ander beampte van die Administrasie.

(2) Die kommissaris kan met die toestemming van die Administrateur enige beampte van die Administrasie magtig om namens hom enige van die bevoegdhede by of ingevolge hierdie ordonnansie aan hom verleen, uit te oefen.

Regulasies.

26. (1) Die Administrateur kan regulasies maak op —

(a) die wyse waarop en die vorm waarin aansoek om 'n maatskaplike pensioen gedoen moet word, en die getuienis en inligting wat 'n aansoeker ter stawing van enige sodanige aansoek moet verstrek;

(b) die wyse waarop en die tydperk waarbinne appèl aangeteken en voortgesit kan word teen 'n beslissing of optrede van die kommissaris;

(c) the medical treatment of applicants for blind persons' pensions and of persons receiving blind persons' pensions and the payment of expenses incurred in connection with such treatment;

(d) the procedure to be followed in connection with the medical examination or treatment of applicants for disability grants, and the form of any medical certificate required in support of an application for a disability grant;

(e) any information which a pensioner or any person referred to in section *twenty-three* may from time to time be required to give;

(f) the registration, investigation and determination of social pension claims;

(g) the appointment and the duties of pension investigating officers;

(h) the amounts and rates of social pensions, the method of determining the amounts payable to applicants and pensioners and the method of payment of such pensions;

(i) the amount of the attendant's allowance payable in terms of sub--section (1) of section *thirteen;*

(j) the circumstances in which social pensions may be paid for the benefit of persons supported or under treatment in institutions;

(k) the payment of any social pension to a person other than the pensioner himself;

(l) any other matter which in terms of any provision of this Ordinance is required or permitted to be prescribed;

and generally for the better carrying out of the purposes and objects of this Ordinance.

(2) Different regulations may be made under sub-section (1) in respect of different social pensions, and in respect of different classes or groups of persons.

**Repeal of laws.**

27. (1) Subject to the provisions of sub-section (2), the laws specified in the Second Schedule are hereby repealed to the extent indicated in the third column thereof.

(2) Anything done under any provision of a law repealed by sub-section (1), shall be deemed to have been done under the corresponding provision of this Ordinance.

**Short title and commencement.**

28. This Ordinance shall be called the Social Pensions Ordinance, 1965, and shall come into operation on a date to be fixed by the Administrator by proclamation in the *Official Gazette.*

---

## FIRST SCHEDULE.

SUBPOENA TO APPEAR BEFORE THE ..............................

..............................................................................

TO A.B.

You are hereby summoned to appear at ..............................

upon the .............................. day of ..............................19........,

at .............................. o'clock, before ..............................

to give evidence respecting .............................. 1)

and you are required to bring with you ..............................

Given under my hand this .............................. day of ..............................
19............

(2) ..............................................................................

..............................................................................

(1) If a person summoned is to produce any book, record or document fill in description thereof: otherwise strike out these words.

(2) Specify designation of issuing officer.

(c) die geneeskundige behandeling van aansoekers om pensioene vir blindes en van persone wat pensioen vir blindes ontvang en die betaling van die koste in verband met sodanige behandeling aangegaan;

(d) die prosedure wat gevolg moet word in verband met die geneeskundige ondersoek of behandeling van aansoekers om ongeskiktheidstoelaes, en die vorm van enige geneeskundige sertifikaat wat ter stawing van 'n aansoek om 'n ongeskiktheidstoelae vereis word;

(e) enige inligting wat 'n pensioentrekker of iemand bedoel in artikel *drie-en-twintig* van tyd tot tyd moet verskaf;

(f) die registrasie, ondersoek en beslissing van aansprake op maatskaplike pensioene;

(g) die aanstelling van pensioenondersoekbeamptes en hul pligte;

(h) die bedrae en skale van maatskaplike pensioene, die wyse van berekening van bedrae betaalbaar aan aansoekers of pensioentrekkers en die wyse van betaling van sodanige pensioene;

(i) die bedrag van 'n toelae vir 'n oppasser betaalbaar ingevolge subartikel (1) van artikel *dertien;*

(j) die omstandighede waaronder maatskaplike pensioene ten voordele van persone wat in inrigtings onderhou word of onder behandeling is, uitbetaal kan word;

(k) die uitbetaling van 'n maatskaplike pensioen aan iemand anders as die pensioentrekker self;

(l) elke ander aangeleentheid wat ingevolge enige bepaling van hierdie ordonnansie voorgeskryf moet of kan word, en in die algemeen om beter uitvoering te kan gee aan die oogmerke en doelstellings van hierdie ordonnansie.

(2) Verskillende regulasies kan ingevolge subartikel (1) gemaak word ten opsigte van verskillende maatskaplike pensioene en ten opsigte van verskillende klasse of groepe persone.

**Herroeping van wette.**

27. (1) Behoudens die bepalings van subartikel (2) word die wette genoem in die tweede bylae hierby herroep in die mate uiteengesit in die derde kolom daarvan.

(2) Enigiets gedoen ingevolge 'n wetsbepaling wat by subartikel (1) herroep word, word beskou as gedoen ingevolge die ooreenstemmende bepaling van hierdie ordonnansie.

**Kort titel en datum van inwerkingtreding.**

28. Hierdie ordonnansie heet die Ordonnansie op Maatskaplike Pensioene 1965, en tree in werking op 'n datum wat die Administrateur by proklamasie in die *Offisiële Koerant* bepaal.

## EERSTE BYLAE

DAGVAARDING OM TE VERSKYN VOOR DIE

.......................................................................

Aan A.B.

U word hierby gedagvaar om te verskyn te ..........................

op die ......................... dag van ............................ 19...... om

...........uur, voor ............................................................ om

getuienis af te lê aangaande ............................................ (1)

en u word gelas om ..........................................................

met u saam te bring.

Gegee onder my hand op hierdie ....................................... dag

van ................................................................ 19............

(2) .......................................................

.......................................................

(1) As die gedagvaarde 'n boek, register of dokument moet voorlê, vul beskrywing daarvan in; so nie moet hierdie woorde geskrap word.

(2) Meld hoedanigheid van uitreikende beampte.

## SECOND SCHEDULE.

| *No. and year of law.* | *Title* | *Extent of repeal* |
|---|---|---|
| Ordinance 13 of 1942. | The Old Age Pensions Ordinance, 1942. | The whole. |
| Ordinance 8 of 1944. | The Old Age Pensions Amendment Ordinance, 1944. | The whole. |
| Proclamation 33 of 1944. | The Old Age Pensions Amendment Proclamation 1944. | The whole. |
| Proclamation 7 of 1945. | The Old Age Pensions Amendment Proclamation, 1945. | The whole. |
| Ordinance 5 of 1947. | The Old Age Pensions Amendment Ordinance, 1947. | The whole. |
| Ordinance 13 of 1949. | The Old Age Pensions Amendment Ordinance, 1949. | The whole. |
| Ordinance 3 of 1952. | The Old Age Pensions Amendment Ordinance, 1952. | The whole. |
| Ordinance 39 of 1952. | The Disability Grants Ordinance, 1952. | The whole. |
| Ordinance 40 of 1952. | The Blind Persons' Ordinance, 1952. | The whole. |
| Ordinance 11 of 1955. | The Old Age Pensions Amendment Ordinance, 1955. | The whole. |
| Ordinance 28 of 1955. | The Blind Persons' Amendment Ordinance, 1955. | The whole. |
| Ordinance 2 of 1960. | The Blind Persons' Amendment Ordinance, 1960. | The whole. |
| Ordinance 4 of 1960. | The Old Age Pensions Amendment Ordinance, 1960. | The whole. |
| Ordinance 2 of 1962. | The Social Pensions Amendment Ordinance, 1962. | The whole except section *fourteen*. |

## TWEEDE BYLAE

| *No. en jaar van wet.* | *Titel.* | *Mate van herroeping* |
|---|---|---|
| Ordonnansie 13 van 1942. | Die Ouderdomspensioen-ordonnansie 1942. | Die hele. |
| Ordonnansie 8 van 1944. | Die Ouderdomspensioen-wysigingsordonnansie 1944. | Die hele. |
| Proklamasie 33 van 1944. | Die Wysigingsproklamasie op Ouderdomspensioene 1944. | Die hele. |
| Proklamasie 7 van 1945. | Die Wysigingsproklamasie op Ouderdomspensioene 1945. | Die hele. |
| Ordonnansie 5 van 1947. | Die Ouderdomspensioen-wysigingsordonnansie 1947. | Die hele. |
| Ordonnansie 13 van 1949. | Die Wysigingsordonnansie op Ouderdomspensioene 1949. | Die hele. |
| Ordonnansie 3 van 1952. | Die Wysigingsordonnansie op Ouderdomspensioene 1952. | Die hele. |
| Ordonnansie 39 van 1952. | Die Ordonnansie op Ongeskiktheidstoelaes 1952. | Die hele. |
| Ordonnansie 40 van 1952. | Die Ordonnansie op Blindes 1952. | Die hele. |
| Ordonnansie 11 van 1955. | Die Wysigingsordonnansie op Ouderdomspensioene 1955. | Die hele. |
| Ordonnansie 28 van 1955. | Die Wysigingsordonnansie op Blindes 1955. | Die hele. |
| Ordonnansie 2 van 1960. | Die Wysigingsordonnansie op Blindes 1960. | Die hele. |
| Ordonnansie 4 van 1960. | Die Wysigingsordonnansie op Ouderdomspensioene 1960. | Die hele. |
| Ordonnansie 2 van 1962. | Die Wysigingsordonnansie op Maatskaplike Pensioene 1962. | Die hele buiten artikel *veertien*. |

No. 3 of 1965.]

# ORDINANCE

TO consolidate and amend the laws relating to German war veterans' pensions.

*(Assented to 24th March, 1965)*
*(Afrikaans Text signed by the Administrator)*

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, with the consent of the State President, in so far as such consent is necessary, previously obtained and communicated to the Legislative Assembly by message from the Administrator in accordance with the provisions of section *twenty-six* of the South West Africa Constitution Act, 1925, as amended by section *sixteen* of the South West Africa Affairs Amendment Act, 1949 of the Republic of South Africa, as follows —

Definitions.

1. In this Ordinance unless the context otherwise indicates —

(i) "applicant" means an applicant for a veteran's pension;

(ii) "commissioner" means the Commissioner of Pensions appointed under section *two* of the Social Pensions Ordinance, 1965;

(iii) "prescribed" means prescribed by regulation;

(iv) "regulation" means a regulation made and in force under this Ordinance;

(v) "Secretary" means the Secretary for South West Africa;

(vi) "this Ordinance" includes any regulation;

(vii) "veteran's pension" means a veteran's pension referred to in section *four;*

(viii) "German war veteran" means a white person who served in the armed forces of the Imperial Government of German South West Africa in any war in the Territory;

(ix) "war" means —

(a) the two campaigns against the Hottentots during the period 1898—1899; or

(b) the campaigns against the Herero and Hottentots during the period October, 1903 to September, 1908 (including the Kalahari Expedition); or

(c) the 1914-1918 war during the period from and including the fourth day of August, 1914 to the twenty-eighth day of June, 1919.

(x) "white person" means a person who in appearance obviously is, or who is generally accepted as a white person, but does not include a person who, although in appearance obviously a white person, is generally accepted as a coloured person.

Administration of provisions of this Ordinance.

2. The commissioner shall, subject to the control of the Administrator, be charged with the administration of this Ordinance.

Application of certain provisions of Social Pensions Ordinance 1965.

3. The provisions of sub-section (2) of section *two,* sections *three, seven* and *nine,* sub-sections (1), (4) and (5) of section *ten,* sections *eleven, fourteen* up to and including section *seventeen,* section *nineteen* up to and including section *twenty-four* of the Social Pensions Ordinance, 1965, shall apply *mutatis mutandis* with reference to veterans' pensions.

Persons entitled to a veteran's pension.

4. (1) Subject to appropriation of the necessary funds by the Legislative Assembly and subject to the provisions of this Ordinance, every German war veteran shall be entitled to receive a veteran's pension under this Ordinance if he satisfies the commissioner —

(a) that he has served in any war in the Territory;

(b) that he has attained the age of sixty years, or if he has not attained that age, he is unable, owing to infirmity of mind or body, to undertake regular work;

(c) that he is domiciled in the Territory;

No. 3 van 1965.]

# ORDONNANSIE

TER samevatting en wysiging van die wette op pensioene vir Duitse oudstryders.

*(Goedgekeur 24 Maart 1965)*
*(Afrikaanse teks deur die Administrateur geteken)*

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika met die toestemming van die Staatspresident dermate sodanige toestemming nodig is vooraf verkreë en deur boodskap van die Administrateur aan die Wetgewende Vergadering meegedeel ooreenkomstig die bepalings van artikel *ses-en-twintig* van die Zuidwest Afrika Konstitutie Wet 1925 soos gewysig by artikel sestien van die Wysigingswet op Aangeleenthede van Suidwes-Afrika 1949 van die Republiek van Suid-Afrika VERORDEN:-

Woordbepaling.

1. In hierdie ordonnansie, tensy die samehang anders aandui, beteken —

(i) „aansoeker" 'n aansoeker om 'n oudstryderspensioen;

(ii) „kommissaris" die Kommissaris van Pensioene aangestel ingevolge artikel *twee* van die Ordonnansie op Maatskaplike Pensioene 1965;

(iii) „voorgeskryf" of „voorgeskrewe" by regulasie voorgeskryf;

(iv) „regulasie" 'n regulasie gemaak en van krag ingevolge hierdie ordonnansie;

(v) „Sekretaris" die Sekretaris van Suidwes-Afrika;

(vi) „hierdie ordonnansie" ook enige regulasie;

(vii) „oudstryderspensioen" 'n oudstryderspensioen bedoel in artikel *vier;*

(viii) „Duitse oudstryder" 'n blanke wat in die gewapende magte van die Keiserlike Regering van Duits-Suidwes-Afrika in enige oorlog in die Gebied gedien het;

(ix) „oorlog" —

(a) die twee veldtogte teen die Hottentotte gedurende die tydperk 1898-1899; of

(b) die veldtogte teen die Herero's en die Hottentotte gedurende die tydperk Oktober 1903 tot September 1908 (insluitende die Kalahari-ekspedisie); of

(c) die oorlog van 1914-1918 gedurende die tydperk van en met die vierde dag van Augustus 1914 tot die agt-en-twintigste dag van Junie 1919;

(x) „blanke" iemand wat volgens voorkoms klaarblyklik 'n blanke is of wat gewoonlik vir 'n blanke deurgaan, maar nie iemand wat, hoewel hy volgens voorkoms klaarblyklik 'n blanke is, gewoonlik vir 'n kleurling deurgaan nie.

Uitvoering van bepalings van hierdie ordonnansie.

2. Die kommissaris word belas met die uitvoering van hierdie ordonnansie onderhewig aan beheer deur die Administrateur.

Toepassing van sekere bepalings van die Ordonnansie op Maatskaplike pensioene 1965.

3. Die bepalings van subartikel (2) van artikel *twee,* artikels *drie, sewe* en *nege,* subartikels (1), (4) en (5) van artikel *tien,* artikels *elf, veertien* tot en met artikel *sewentien,* artikel *negentien* tot en met artikel *vier-en-twintig* van die Ordonnansie op Maatskaplike Pensioene 1965 is *mutatis mutandis* van toepassing op oudstryderspensioene.

Wie geregtig is op 'n oudstryderspensioen.

4. (1) Onderhewig aan die bewilliging van die nodige geld deur die Wetgewende Vergadering en behoudens die bepalings van hierdie ordonnansie is elke Duitse oudstryder geregtig op 'n oudstryderspensioen ingevolge hierdie ordonnansie as hy die kommissaris oortuig —

(a) dat hy in enige oorlog in die Gebied gedien het;

(b) dat hy reeds sestig jaar oud is of, as hy nog nie sestig jaar oud is nie, dat hy weens geestelike of liggaamlike ongesteldheid nie gereelde werk kan onderneem nie;

(c) dat hy in die Gebied gedomisilieer is;

(d) that at the time of making application for such veteran's pension, he is resident in the Territory; and

(e) that —

(i) he is a South African citizen and has been such a citizen for the five years immediately preceding the date of his application for such pension, and has been ordinarily resident in the Territory as such a citizen for five out of ten years immediately preceding the said date; or

(ii) he has been ordinarily resident in the Territory for fifteen out of the twenty years immediately preceding the date of his application for such pension and that he is a South African citizen; or

(iii) he has been ordinarily resident in the Territory for twenty-five out of the thirty years immediately preceding the date of his application for such pension.

(2) For the purposes of paragraphs (d) and (e) of sub-section (1) residence in the Republic of South Africa shall be deemed to be residence in the Territory.

(3) Notwithstanding the provisions of paragraphs (c), (d) and (e) of sub-section (1) a German war veteran who is domiciled and resident in the Republic of South Africa at the time of making application for a veteran's pension under this Ordinance, and who is otherwise entitled to a veteran's pension under this Ordinance, may, subject to such conditions as the Administrator may determine, be awarded such a pension: Provided that if such a German war veteran receives a pension under the Old Age Pensions Act, 1962 (Act 38 of 1962), of the Republic of South Africa or under the War Veterans' Pensions Act, 1962 (Act 40 of 1962), of the said Republic, there shall be deducted from the said veteran's pension an amount equal to the sum of the pension and the additional pension and bonus provided for in section *eight* of the said Old Age Pensions Act, 1962 (Act 38 of 1962), and the amount by which a veteran's pension under the said War Veterans' Pension Act, 1962 (Act 40 of 1962), is increased in terms of sub-section (3) of section *three* of the last mentioned Act: Provided further that for the purposes of sub-section (2) of section *two* and sub-sections (1) and (4) of section *ten* of the Social Pensions Ordinance, 1965, as applied by section *three* of this Ordinance, such German war veteran shall be deemed to be resident in the district of Windhoek.

Determination of amount of veteran's pension.

5. (1) (a) The veteran's pension granted to any German war veteran who served in any war before the year 1914 shall be the fixed amount prescribed.

(b) The veteran's pension granted to any German war veteran who served only in the war of 1914-1918 shall, subject to the provisions of this section, be of such an amount as having regard to the circumstances of such German war veteran, the commissioner deems reasonable and sufficient but shall not exceed the amounts and rates prescribed.

(2) In determining whether a German war veteran who has served only in the war of 1914-1918 should be granted a veteran's pension or the amount of any veteran's pension or whether or not a veteran's pension should be cancelled or increased or reduced the commissioner shall take into account —

(a) the ability of the spouse of the German war veteran concerned to support him or to contribute towards his support; and

(b) the ability and opportunities of the German war veteran concerned to support himself or to contribute towards his support by his own exertions.

Recipient of veteran's pension not entitled to other pensions.

6. Any German war veteran to whom a veteran's pension has been granted shall not be entitled to a social pension under the Social Pensions Ordinance, 1965 in respect of himself.

Delegation of powers.

7. (1) The Administrator may delegate to the Secretary or any other officer of the Administration any

(d) dat hy ten tyde van sy aansoek om sodanige oudstryderspensioen in die Gebied woonagtig is; en

(e) dat hy —

(i) 'n Suid-Afrikaanse burger is en reeds vyf jaar lank so 'n burger was onmiddellik voor die datum van sy aansoek om sodanige pensioen en vyf uit die tien jaar wat sodanige datum onmiddellik voorafgaan as so'n burger gewoonlik in die Gebied gewoon het; of

(ii) vyftien uit die twintig jaar wat die datum van sy aansoek om sodanige pensioen onmiddellik voorafgaan gewoonlik in die Gebied gewoon het en 'n Suid-Afrikaanse burger is; of

(iii) vyf-en-twintig uit die dertig jaar wat die datum van sy aansoek om sodanige pensioen onmiddellik voorafgaan gewoonlik in die Gebied gewoon het.

(2) By die toepassing van paragrawe (d) en (e) van subartikel (1) word verblyf in die Republiek beskou as verblyf in die Gebied.

(3) Nieteenstaande die bepalings van paragrawe (c), (d) en (e) van subartikel (1) kan aan 'n Duitse oudstryder wat in die Republiek van Suid-Afrika gedomisilieer en woonagtig is wanneer hy om 'n oudstryderspensioen ingevolge hierdie ordonnansie aansoek doen, en wat andersins ingevolge hierdie ordonnansie op 'n oudstryderspensioen geregtig is, so'n pensioen toegeken word op die voorwaardes wat die Administrateur bepaal: Met dien verstande dat as so'n Duitse oudstryder ingevolge die Ouderdomspensioenwet 1962 (Wet 38 van 1962) van die Republiek van Suid-Afrika of ingevolge die Wet op Oudstryderspensioene 1962 (Wet 40 van 1962) van die genoemde Republiek 'n pensioen ontvang daar van bedoelde oudstryder se pensioen 'n bedrag afgetrek word wat gelyk is aan die som van die pensioen en die bykomende pensioen en bonus waarvoor artikel *agt* van die genoemde Ouderdomspensioenwet 1962 (Wet 38 van 1962) voorsiening maak en die bedrag waarmee 'n oudstryder se pensioen ingevolge die genoemde Wet op Oudstryderspensioene 1962 (Wet 40 van 1962) kragtens subartikel (3) van artikel *drie* van die laasgenoemde wet verhoog word: Met dien verstande voorts dat by die toepassing van subartikel (2) van artikel *twee* en subartikels (1) en (4) van artikel *tien* van die Ordonnansie op Maatskaplike Pensioene 1965 soos toegepas by artikel *drie* van hierdie ordonnansie, so'n Duitse oudstryder beskou word as woonagtig in die distrik Windhoek.

**Bepalings van bedrag van oudstryderspensioen.**

5. (1) (a) Die oudstryderspensioen wat toegeken word aan 'n Duitse oudstryder wat in enige oorlog voor die jaar 1914 gedien het, beloop die voorgeskrewe vaste bedrag.

(b) Die oudstryderspensioen wat toegeken word aan 'n Duitse oudstryder wat net in die oorlog van 1914-1918 gedien het, bedra, behoudens die bepalings van hierdie artikel, soveel soos die kommissaris met inagneming van die bedoelde Duitse oudstryder se omstandighede as redelik en voldoende beskou, maar dit mag nie die voorgeskrewe bedrae en skale te bowe gaan nie.

(2) By 'n beslissing of daar aan 'n Duitse oudstryder wat net in die oorlog van 1914-1918 gedien het, 'n oudstryderspensioen toegeken moet word of van die bedrag van enige oudstryderspensioen, en of 'n Oudstryderspensioen gestaak, verhoog of verminder moet word al dan nie, moet die kommissaris in ag neem —

(a) die vermoë van die betrokke Duitse oudstryder se gade om hom te onderhou of hom tot sy onderhoud by te dra; en

(b) die vermoë en geleenthede van die betrokke Duitse oudstryder om homself te onderhou of deur eie inspanning tot sy onderhoud by te dra.

**Trekker van oudstryderspensioen het geen reg op ander pensioene nie.**

(2) Iemand wat ingevolge subartikel (1) na 'n gesertifiseerde toevlug teruggeroep is en daarheen teruggekeer het of daarheen teruggeneem of teruggestuur is, word daarin aangehou totdat hy, na die bestuur meen, geskik is om weer met vergunning vrygelaat te word: Met dien verstande dat hy nie ingevolge hierdie artikel vir 'n langer tydperk as die onverstreke deel van die tydperk waarvoor hy oorspronklik met vergunning vrygelaat is, aangehou mag word nie.

**Hoe met weglopers uit gesertifiseerde toevlug gehandel moet word.**

17. (1) By die toepassing van hierdie artikel word 'n inwoner aan wie afwesigheidsverlof uit 'n gesertifiseerde toevlug toegestaan is en wat by die intrekking of verstryking van sy afwesigheidsverlof versuim om terug te keer na die gesertifiseerde toevlug waaruit sodanige verlof aan hom toegestaan is en 'n inwoner wat hom sonder verlof afwesig hou uit 'n hospitaal waarin hy deur bemiddeling van die bestuur van 'n gesertifiseerde toevlug opgeneem is, geag weg te geloop het uit die gesertifiseerde toevlug waaruit afwesigheidsverlof aan hom toegestaan is of waaruit hy in bedoelde hospitaal geneem is.

(2) (a) 'n Inwoner wat uit 'n gesertifiseerde toevlug weggeloop het, kan deur enige lid van die Suid-Afrikaanse polisie, 'n volkswelsynbeampte of lid van die personeel van enige gesertifiseerde toevlug daartoe gemagtig deur die Administrateur sonder lasbrief in hegtenis geneem word en moet so spoedig doenlik gebring word voor 'n landdros van die distrik waarin hy in hegtenis geneem is.

(b) Iemand wat ingevolge paragraaf (a) in hegtenis geneem is, kan in bewaring aangehou word in enige plek bedoel in paragraaf (a) van subartikel (1) van artikel *tien* totdat hy voor bedoelde landdros gebring kan word.

(3) 'n Landdros voor wie so 'n inwoner gebring word, moet nadat hy ondersoek ingestel het na die redes waarom die inwoner weggeloop het, beveel dat die inwoner —

(a) teruggestuur word na die gesertifiseerde toevlug of hospitaal waaruit hy weggeloop het; of

(b) in bewaring aangehou word in enige plek bedoel in paragraaf (a) van subartikel (1) van artikel *tien* deur die landdros aangewys, in afwagting van die Administrateur se beslissing,

en moet in elke geval die Administrateur onverwyld in kennis stel van die uitslag van sy ondersoek en van enige bevel wat hy kragtens hierdie subartikel uitgereik het.

(4) Na oorweging van die landdros se verslag en na enige verdere ondersoek wat hy nodig ag, moet die Administrateur, as die landdros beveel het dat die inwoner in bewaring aangehou word in afwagting van die Administrateur se beslissing —

(a) gelas dat die inwoner teruggestuur word na die gesertifiseerde toevlug of hospitaal waaruit hy weggeloop het; of

(b) direct that he be discharged from the provisions of this Ordinance; or

(c) refer the matter to the Secretary for action to be taken under section *thirteen:* Provided that if the Secretary is of the opinion that the inmate is not the type of person mentioned in sub-section (1) of section *thirteen,* he shall refer the matter back to the Administrator who shall thereupon deal with the inmate in terms of paragraph (a) or (b).

(5) The provisions of sub-section (2) of section *ten* shall *mutatis mutandis* apply in respect of any person detained in custody in a place referred to in the said sub-section in terms of paragraph (b) of sub-section (2) or in pursuance of an order made under paragraph (b) of sub-section (3).

(6) (a) An inmate who in terms of sub-section (1) of section *twenty-eight* of the Retreats and Rehabilitation Centres Act, 1963 (Act 86 of 1963), of the Republic of South Africa is deemed to have absconded from a retreat or rehabilitation centre may be arrested without warrant by any member of the South African Police or a social welfare officer, and shall be brought as soon as may be before a magistrate of the district in which he was arrested.

(b) Any person arrested in terms of paragraph (a) may be detained in custody in any place referred to in paragraph (a) of sub-section (1) of section *ten* until he can be brought before the said magistrate.

(c) A magistrate before whom any such inmate is brought, shall, after having enquired into the reasons why the inmate absconded, order that he be returned to the retreat rehabilitation centre or hospital from which he absconded and shall forthwith submit a report on his findings and the order which he made under this sub-section to the Secretary who shall deal therewith in the prescribed manner.

**Admission of voluntary inmate to certified retreat.**

18. (1) Any person may, either himself or through any other person acting on his behalf, apply in writing to a magistrate of the district in which he resides, for permission to be admitted to a certified retreat as a voluntary inmate.

(2) (a) The application shall be accompanied by a report by a medical practitioner regarding the applicant's general state of health and physical condition: Provided that the magistrate may, if he deems it necessary to do so, require the applicant to furnish him with any other medical or psychiatric report, or may in lieu thereof require him to submit himself to examination by a state medical officer.

(b) If in the opinion of the magistrate it would cause undue hardship if the applicant were to be required to pay the expenses incurred in obtaining any report referred to in the proviso to paragraph (a) he may direct that such expenses be met from public funds.

(3) On receipt of an application in terms of sub-section (1) and after any requirement under sub-section (2) has been complied with the magistrate shall —

(a) obtain from a social welfare officer a report as to the antecedents, way of living and general character of the person concerned and any other relevant matter affecting him;

(b) request the applicant to appear before him personally to declare verbally, under oath, why it is necessary that he should be admitted to a certified retreat as a voluntary inmate; and

(c) if requested thereto by any person having an interest in the welfare of the applicant, and may, without having been so requested, call upon any such person to appear before him to show cause why the applicant should not be so admitted to a certified retreat.

(4) If, after the provisions of sub-sections (1), (2) and (3) have been complied with, the magistrate is satisfied that the applicant is such a person as is described in paragraph (b) of sub-section (1) of section *seven* and that he is a type of person who, having regard to all the circumstances, would probably benefit by the training and

(b) gelas dat hy van die bepalings van hierdie ordonnansie onthef word; of

(c) die aangeleentheid na die Sekretaris verwys vir optrede ingevolge artikel *dertien:* Met dien verstande dat as die Sekretaris meen dat die inwoner nie die soort persoon is wat in subartikel (1) van artikel *dertien* bedoel word nie, hy die aangeleentheid terug moet verwys na die Administrateur wat daarop ingevolge paragraaf (a) of (b) met die inwoner handel.

(5) Die bepalings van subartikel (2) van artikel *tien* is *mutatis mutandis* van toepassing op iemand wat in bewaring aangehou word in 'n plek bedoel in die genoemde subartikel ingevolge paragraaf (b) van subartikel (2) of uit hoofde van 'n bevel kragtens paragraaf (b) van subartikel (3).

(6) (a) 'n Inwoner wat ingevolge subartikel (1) van artikel *agt-en-twintig* van die Wet op Toevlugte en Rehabilitasiesentrums 1963 (Wet 86 van 1963) van die Republiek van Suid-Afrika geag word uit 'n toevlug of rehabilitasiesentrum weg te geloop het, kan deur enige lid van die Suid-Afrikaanse polisie of 'n volkswelsynbeampte sonder lasbrief in hegtenis geneem word en moet so spoedig doenlik gebring word voor 'n landdros van die distrik waarin hy in hegtenis geneem is.

(b) Iemand wat ingevolge paragraaf (a) in hegtenis geneem is, kan in bewaring aangehou word in enige plek bedoel in paragraaf (a) van subartikel (1) van artikel *tien* totdat hy voor bedoelde landdros gebring kan word.

(c) 'n Landdros voor wie so 'n inwoner gebring word, moet, nadat hy ondersoek ingestel het na die redes waarom die inwoner weggeloop het, beveel dat die inwoner teruggestuur word na die toevlug, rehabilitasiesentrum of hospitaal waaruit hy weggeloop het en onmiddellik 'n verslag oor sy bevindings en die bevel wat hy ingevolge hierdie subartikel uitgereik het, voorlê aan die Sekretaris wat op die voorgeskrewe wyse daarmee handel.

**Opname van vrywillige inwoner in gesertifiseerde toevlug.**

18. (1) Enigiemand kan, òf self òf deur bemiddeling van iemand anders wat namens hom optree, skriftelik aansoek doen by 'n landdros van die distrik waarin hy woon, om verlof om as 'n vrywillige inwoner in 'n gesertifiseerde toevlug opgeneem te word.

(2) (a) Die aansoek moet vergesel gaan van 'n verslag deur 'n geneesheer oor die aansoeker se algemene gesondheids- en liggaamlike toestand: Met dien verstande dat as die landdros dit nodig vind, hy van die aansoeker kan vereis om enige ander geneeskundige of psigiatriese verslag aan hom te verstrek, of in plaas daarvan kan vereis dat die aansoeker hom deur 'n staatsmediese beampte moet laat ondersoek.

(b) As, na die landdros meen, dit onredelike ontbering sou veroorsaak as daar van die aansoeker vereis sou word dat hy moet betaal vir die uitgawe aangegaan by die verkryging van 'n verslag bedoel in die voorbehoudsbepaling by paragraaf (a) kan hy gelas dat sodanige uitgawe uit staatsgelde bestry moet word.

(3) By ontvangs van 'n aansoek ingevolge subartikel (1) en na nakoming van enige vereiste ingevolge subartikel (2) moet die landdros —

(a) 'n verslag betreffende die verlede, leefwyse en algemene karakter van die betrokke persoon en enige ander tersaaklike aangeleentheid met betrekking tot hom van 'n volkswelsynbeampte verkry;

(b) die aansoeker versoek om persoonlik voor hom te verskyn om mondelings onder eed te verklaar waarom dit nodig is dat hy as 'n vrywillige inwoner in 'n gesertifiseerde toevlug opgeneem moet word; en

(c) indien daartoe versoek deur iemand wat by die welsyn van die aansoeker belang het, en kan hy, sonder dat hy aldus daartoe versoek is, so iemand oproep om voor hom te verskyn om redes aan te voer waarom die aansoeker nie aldus in 'n gesertifiseerde toevlug opgeneem moet word nie.

(4) As die landdros, nadat die bepalings van subartikels (1), (2) en (3) nagekom is, oortuig is dat die aansoeker so iemand is soos in paragraaf (b) van subartikel (1) van artikel *sewe* bedoel word en dat hy 'n soort persoon is wat met inagneming van al die omstandighede waarskynlik sal baat by die opleiding en behan-

treatment provided in a certified retreat, the magistrate may, in the prescribed form and subject to such conditions as may be prescribed authorize his admission to a certified retreat.

(5) A person who has been admitted to a certified retreat in terms of sub-section (4), shall be detained as an inmate for such period, not exceeding six months, as the management concerned may at any time determine.

(6) Any such person shall, while he remains an inmate, be subject to all the applicable provisions of this Ordinance.

**Inmates to have access to management and vice versa.**

19. The inmates of a certified retreat shall, subject to the prescribed conditions, have the right of personal access to the management, and the management shall likewise have a similar right of access to the inmates.

**Maintenance of discipline in certified retreats.**

20. (1) If an inmate of a certified retreat contravenes any regulation or any rule prescribed by the management of such certified retreat under the powers conferred upon it by regulation, the head thereof may —

(a) take disciplinary steps against that inmate in accordance with the powers conferred upon him and the procedure prescribed by regulation and may impose upon him any punishment prescribed by the regulations for a contravention thereof or of such rules; or

(b) cause the inmate to be brought before the magistrate's court of the district in which the certified retreat is situated, which court shall have jurisdiction to try the inmate for the alleged offence and to sentence him, in lieu of or in addition to any penalty provided for in the regulations for the offence in question —

(i) to imprisonment for a period not exceeding six months; or

(ii) to be kept in confinement apart from the other inmates in a place set aside for the purpose at the certified retreat for a period not exceeding thirty days, provided the medical practitioner responsible for the medical care of the inmates concerned has certified that such punishment will in his opinion not be harmful to the health of the inmate.

(2) (a) Whenever the head of a certified retreat has imposed upon an inmate any sentence under paragraph (a) of sub-section (1), the record of the trial shall forthwith be transmitted, together with such remarks as the head of the certified retreat in question may desire to append to the record, and with any written statements or arguments which the inmate sentenced may desire to have so appended, to the clerk of the magistrate's court of the district in which the certified retreat in question is situated.

(b) The said clerk shall forthwith lay the record, together with such remarks, statements or arguments (if any) before the magistrate of the district for his consideration.

(3) The magistrate shall thereupon, if the conviction and sentence appear to be in accordance with justice, endorse his certificate to that effect upon the record and forthwith return the record to the head of the certified retreat in question.

(4) If it appears to the magistrate, on consideration of the papers submitted to him, that the conviction or sentence is not in accordance with justice, he shall set aside or correct the proceedings, and may reduce or vary the sentence, and shall return the record with his instructions thereon to the head of the certified retreat in question.

(5) If an inmate is sentenced under paragraph (b) of sub-section (1) to a term of imprisonment he shall, after the completion of that term, be returned to the certified retreat of which he was an inmate or to any other certified retreat, designated by the Secretary, and such term of imprisonment shall not count as part of his period of detention in the certified retreat.

deling wat in 'n gesertifiseerde toevlug verskaf word, kan die landdros, in die voorgeskrewe vorm en onderhewig aan die voorgeskrewe voorwaardes sy opname in 'n gesertifiseerde toevlug magtig.

(5) Iemand wat ingevolge subartikel (4) in 'n gesertifiseerde toevlug opgeneem is, word as 'n inwoner aangehou vir die tydperk, maar hoogstens ses maande, wat die betrokke bestuur te eniger tyd bepaal.

(6) Terwyl so iemand 'n inwoner bly, is hy onderhewig aan al die toepaslike bepalings van hierdie ordonnansie.

Inwoners moet toegang hê tot bestuur en andersom.

19. Die inwoners van 'n gesertifiseerde toevlug het, onderhewig aan die voorgeskrewe voorwaardes, die reg van persoonlike toegang tot die bestuur, en die bestuur het op sy beurt 'n dergelike reg van toegang tot die inwoner.

Handhawing van tug in gesertifiseerde toevlugte.

20. (1) As 'n inwoner van 'n gesertifiseerde toevlug 'n oortreding begaan van enige regulasie of van enige reël wat die bestuur van sodanige gesertifiseerde toevlug kragtens die bevoegdheid by regulasie aan hom verleen, voorskryf, kan die hoof daarvan —

(a) dissiplinêre stappe teen daardie inwoner doen ooreenkomstig die bevoegdheid aan hom verleen en die prosedure voorgeskryf by regulasie en kan hy die inwoner 'n straf oplê wat by regulasie vir die oortreding daarvan of van bedoelde reëls voorgeskryf word; of

(b) die inwoner laat bring voor die landdroshof van die distrik waarin die gesertifiseerde toevlug geleë is, en sodanige hof het regsbevoegdheid om die inwoner weens die beweerde misdryf te verhoor en om hom te vonnis in plaas van of benewens enige straf wat in die regulasies vir die betrokke misdryf bepaal word —

(i) tot gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande; of

(ii) om apart van die ander inwoners in 'n plek daarvoor afgesonder by die gesertifiseerde toevlug opgesluit te word vir 'n tydperk van hoogstens dertig dae mits die geneesheer wat vir die geneeskundige versorging van die betrokke inwoners verantwoordelik is, gesertifiseer het dat bedoelde straf syns insiens nie die gesondheid van die inwoner sal benadeel nie.

(2) (a) Wanneer die hoof van 'n gesertifiseerde toevlug kragtens paragraaf (a) van subartikel (1) enige straf aan 'n inwoner opgelê het, moet die notule van die verhoor tesame met sodanige opmerkings soos die hoof van die betrokke gesertifiseerde toevlug by die notule wil voeg en met die skriftelike verklarings of argumente wat die veroordeelde inwoner verlang om aldus te laat byvoeg, onverwyld deurgestuur word aan die klerk van die landdroshof van die distrik waarin die betrokke gesertifiseerde toevlug geleë is.

(b) Die bedoelde klerk lê die notule tesame met sodanige opmerkings, verklarings of argumente (as daar is) onverwyld aan die landdros van die distrik ter oorweging voor.

(3) As dit vir die landdros blyk dat daar met die skuldigbevinding en vonnis behoorlik reg geskied het, teken hy sy sertifikaat te dien effekte op die notule aan en stuur hy die notule onverwyld aan die hoof van die betrokke gesertifiseerde toevlug terug.

(4) As dit by oorweging van die stukke wat aan hom voorgelê is, vir die landdros blyk dat daar nie met die skuldigbevinding of vonnis reg geskied het nie, moet hy die verrigtings tot niet doen of verbeter, en kan hy die vonnis versag of wysig, en stuur hy die notule met sy opdragte in verband daarmee aan die hoof van die betrokke gesertifiseerde toevlug terug.

(5) As 'n inwoner ingevolge paragraaf (b) van subartikel (1) tot 'n tydperk van gevangenisstraf veroordeel word, word hy na die verstryking van daardie tydperk teruggestuur na die gesertifiseerde toevlug waarin hy 'n inwoner was of na enige ander gesertifiseerde toevlug aangewys deur die Sekretaris en die bedoelde tydperk van gevangenisstraf word nie beskou as deel van sy aanhoudingstydperk in die gesertifiseerde toevlug nie.

**Estimating of age of person.**

21. (1) (a) Whenever in connection with any proceedings in terms of this Ordinance the age of any person is a relevant fact of which no or insufficient evidence is available, the officer presiding at those proceedings may estimate the age of that person by his appearance or from any information which is available, and the age so estimated shall for the purposes of this Ordinance, be deemed to be the true age of that person.

(b) If it is proved after the conclusion of those proceedings that the age so estimated is not the true age of that person, the error shall not, if it was made in good faith, affect any decision given or order made in those proceedings.

(2) The age of a person estimated as provided in sub-section (1) shall be deemed to have been attained on the day when the estimate is made.

**Witnesses from certified retreat.**

22. The provisions of section *one hundred and ninety-one* of the Criminal Procedure Ordinance, 1963 (Ordinance 34 of 1963), relating to prisoners shall *mutatis mutandis* apply with reference to an inmate of any certified retreat.

**Admission of persons to retreats and rehabilitation centres in the Republic of South Africa.**

23. (1) The Government of the Territory, represented by the Administrator may enter into an agreement with the Government of the Republic of South Africa for the admission to and detention in any retreat or rehabilitation centre of any person who has reached the age of eighteen years whose detention in a retreat or rehabilitation centre for a period of not less than one year has been ordered by a magistrate or the Secretary in terms of any provision of this Ordinance.

(2) The Secretary may authorize the removal of a person ordered to be detained in a retreat or rehabilitation centre by a magistrate, as aforesaid, to a retreat or rehabilitation centre.

(3) (a) An inmate who has, by virtue of the provisions of section *thirty-five* of the Retreats and Rehabilitations Centres Act, 1963 (Act 86 of 1963), of the Republic of South Africa, been discharged from a retreat or rehabilitation centre, shall, subject to the provisions of paragraph (b), if the period for which he could have been detained in such retreat or rehabilitation centre has not expired, be deemed to have been released on licence from a certified retreat in terms of this Ordinance for the unexpired portion of the period for which he could have been detained in the said retreat or rehabilitation centre.

(b) An inmate deemed to have been released on licence in terms of paragraph (a) shall, in accordance with the regulations, remain under the supervision of a social welfare officer or of a society or person approved by the Administrator for the unexpired portion of the period for which he could have been detained in the said retreat or rehabilitation centre: Provided that the Adminisrator may at any time prior to the expiration of the period for which he is deemed to have been released on licence discharge him from the provisions of this Ordinance or revoke his licence and direct that be be detained in a certified retreat, in which latter case the provisions of paragraphs (b), (c) and (d) of sub-section (1) of section *sixteen*, and, while he is an inmate of such certified retreat, all the applicable provisions of this Ordinance, shall *mutatis mutandis* apply in respect of him: Provided further that he shall not be detained under this paragraph for a period in excess of the unexpired portion of the period for which he was originally committed to the said retreat or rehabilitation centre.

**Delegation of Administrator's and Secretary's powers.**

24. (1) The Administrator may delegate to the Secretary or to any other officer of the Administration any of the powers conferred upon him by this Ordinance, save the powers referred to in sub-section (1) of section *twenty-three* or section *twenty-five*.

(2) The Secretary may delegate to any other officer of the Administration any of the powers conferred upon him by this Ordinance.

Skatting van ouderdom van persoon.

21. (1) (a) Wanneer die ouderdom van iemand in verband met enige verrigtings ingevolge hierdie ordonnansie 'n tersaaklike feit is waaromtrent geen of onvoldoende bewys beskikbaar is, kan die beampte wat by daardie verrigtings voorsit die ouderdom van so iemand volgens sy voorkoms of op grond van enige beskikbare inligting skat en die aldus geskatte ouderdom word by die toepassing van hierdie ordonnansie beskou as so iemand se ware ouderdom.

(b) As daar na afloop van daardie verrigtings bewys word dat die aldus geskatte ouderdom nie so iemand se ware ouderdom is nie, beïnvloed die dwaling, mits dit te goeder trou begaan is, geen beslissing of bevel wat in die loop van daardie verrigtings gegee of uitgereik is nie.

(2) Daar word aangeneem dat iemand wie se ouderdom volgens voorskrif van subartikel (1) geskat is, daardie ouderdom bereik het op die dag waarop die skatting plaasvind.

Getuies uit gesertifiseerde toevlug.

22. Die bepalings van artikel *eenhonderd een-en-negentig* van die Strafprosesordonnansie 1963 (Ordonnansie 34 van 1963) betreffende gevangenes is *mutatis mutandis* van toepassing met betrekking tot 'n inwoner van 'n gesertifiseerde toevlug.

Opname van persone in toevlugte en rehabilitasiesentrums in die Republiek van Suid-Afrika.

23. (1) Die Regering van die Gebied, verteenwoordig deur die Administrateur, kan 'n ooreenkoms aangaan met die Regering van die Republiek van Suid-Afrika vir die opname en aanhouding in enige toevlug of rehabilitasiesentrum van iemand wat die ouderdom van agtien jaar bereik het en wie se aanhouding in 'n toevlug of rehabilitasiesentrum vir 'n tydperk van minstens een jaar deur 'n landdros of die Sekretaris ingevolge enige bepaling van hierdie ordonnansie beveel is.

(2) Die Sekretaris kan die verwydering van 'n persoon wie se aanhouding in 'n toevlug of rehabilitasiesentrum deur 'n landdros soos voormeld beveel is na 'n toevlug of rehabilitasiesentrum magtig.

(3) (a) 'n Inwoner wat uit hoofde van die bepalings van artikel *vyf-en-dertig* van die Wet op Toevlugte en Rehabilitasiesentrums 1963 (Wet 86 van 1963) van die Republiek van Suid-Afrika uit 'n toevlug of rehabilitasiesentrum ontslaan is, word, behoudens die bepalings van paragraaf (b), as die tydperk waarvoor hy in sodanige toevlug of rehabilitasiesentrum aangehou kon geword het, nie verstryk het nie, beskou as vrygelaat met vergunning uit 'n gesertifiseerde toevlug ingevolge hierdie ordonnansie vir die onverstreke deel van die tydperk waarvoor hy in die bedoelde toevlug of rehabilitasiesentrum aangehou kon geword het.

(b) 'n Inwoner wat beskou word as vrygelaat met vergunning ingevolge paragraaf (a) bly ooreenkomstig die regulasies onder die toesig van 'n volkswelsynbeampte of van 'n vereniging of persoon goedgekeur deur die Administrateur vir die onverstreke deel van die tydperk waarvoor hy in die bedoelde toevlug of rehabilitasiesentrum aangehou kon geword het: Met dien verstande dat die Administrateur te eniger tyd voor die verstryking van die tydperk waarvoor hy as met vergunning vrygelaat beskou word hom van die bepalings van hierdie ordonnansie kan onthef of sy vergunning kan intrek en gelas dat hy in 'n gesertifiseerde toevlug aangehou word, in welke laasgenoemde geval die bepalings van paragrawe (b), (c) en (d) van subartikel (1) van artikel *sestien*, en terwyl hy 'n inwoner van sodanige gesertifiseerde toevlug is, al die toepaslike bepalings van hierdie ordonnansie *mutatis mutandis* ten opsigte van hom van toepassing is: Met dien verstande voorts dat hy nie ingevolge hierdie paragraaf aangehou mag word vir 'n tydperk langer as die onverstreke deel van die tydperk waarvoor hy oorspronklik na die bedoelde toevlug of rehabilitasiesentrum verwys is nie.

Delegering van Administrateur en Sekretaris se bevoegdhede.

24. (1) Die Administrateur kan enige van die bevoegdhede by hierdie ordonnansie aan hom verleen aan die Sekretaris of enige ander beampte van die Administrasie delegeer behalwe die bevoegdhede bedoel in subartikel (1) van artikel *drie-en-twintig* of artikel *vyf-en-twintig*.

(2) Die Sekretaris kan enige van die bevoegdhede wat hierdie ordonnansie aan hom verleen aan enige beampte van die Administrasie delegeer.

Regulations.

25. (1) The Administrator may make regulations regarding any or all of the following matters —

(a) the certification of retreats and hostels, the constitution, procedure, functions, powers and duties of boards of management of certified retreats and approved hostels, the books, accounts and records to be kept and the returns and reports to be rendered by such boards of management, and the withdrawal or surrender of certificates granted in respect of such retreats or hostels;

(b) the conditions subject to which grants may be made to approved associations of persons under section *six,* the books, accounts and records to be kept by such associations and the returns and reports to be rendered by them;

(c) the committal and admission of persons to certified retreats, retreats or rehabilitation centres;

(d) the conditions whereon and the periods for which leave of absence may be granted to inmates of certified retreats, and the revocation of such leave of absence;

(e) the terms and conditions subject to which inmates may be released on licence, the method of supervision of such inmates and the revocation of such licences;

(f) the matters with regard to which the management of a certified retreat may from time to time prescribe rules for the proper domestic administration and control thereof;

(g) the maintenance of good order and discipline in certified retreats, and the treatment, training, care and control of the inmates of certified retreats or of persons who are detained therein temporarily in terms of any provision of this Ordinance;

(h) enabling inmates to practice their religion and the ministers of their respective denominations to have access to them;

(i) the conditions subject to which inmates shall have the right of access to the management, and *vice versa;*

(j) the discharge of inmates of a certified retreat from the provisions of this Ordinance;

(k) the conditions subject to which voluntary inmates may be admitted to any certified retreat, their transport thereto and their transport therefrom to their homes, the fees payable in respect of their transport, maintenance or other services rendered to them and the circumstances in which such inmates may be exempted from the obligation to pay such fees;

(l) the form of any application, authority, certificate, consent, licence, notice or order to be made, given, issued or kept in terms of this Ordinance and any other form required in connection with the administration of this Ordinance;

(m) the disposal by sale or otherwise of any property in the possession of the management of any certified retreat belonging to any inmate who has absconded or is in terms of sub-section (1) of section *seventeen* deemed to have absconded, or has died or has failed to claim or receive such property and, where the property has been sold, the disposal of the proceeds of the sale;

(n) the requirements referred to in paragraph (c) of sub-section (1) of section *nine;*

(o) any matter which, in terms of any provision of this Ordinance, is to be or may be prescribed by regulation;

(p) generally, all matters which he considers it necessary or expedient to prescribe in order that the purposes of this Ordinance may be achieved.

25. (1) Die Administrateur kan regulasies maak oor enige van, of al, die volgende aangeleenthede:— Regulasies.

(a) die sertifisering van toevlugte en tehuise, die samestelling, prosedure, werksaamhede, bevoegdhede en pligte van bestuursrade van gesertifiseerde toevlugte en goedgekeurde tehuise, die boeke, rekeninge en registers wat deur sodanige bestuursrade gehou moet word en die opgawes en verslae wat hulle moet verstrek, en die intrekking of prysgewing van sertifikate wat ten opsigte van sodanige toevlugte of tehuise verleen is;

(b) die voorwaardes waarop toekennings aan goedgekeurde verenigings van persone ingevolge artikel *ses* gedoen kan word, die boeke, rekeninge en registers wat deur sodanige verenigings gehou moet word en die opgawes en verslae wat hulle moet verstrek;

(c) die verwysing van persone na, en hul opname in, gesertifiseerde toevlugte, toevlugte of rehabilitasiesentrums;

(d) die voorwaardes waarop en die tydperke waarvoor afwesigheidsverlof aan inwoners van gesertifiseerde toevlugte toegestaan kan word en die intrekking van sodanige afwesigheidsverlof;

(e) die bepalings waaringevolge en die voorwaardes waarop inwoners met vergunning vrygelaat kan word, die wyse waarop toesig oor sodanige inwoners gehou moet word en die intrekking van sodanige vergunnings;

(f) die aangeleenthede met betrekking waartoe die bestuur van 'n gesertifiseerde toevlug van tyd tot tyd reëls kan voorskryf vir die behoorlike huishoudelike administrasie en beheer daarvan;

(g) die handhawing van goeie orde en tug in gesertifiseerde toevlugte en die behandeling, opleiding, versorging en beheer van die inwoners van gesertifiseerde toevlugte of van persone wat ingevolge enige bepaling van hierdie ordonnansie tydelik daarin aangehou word;

(h) om inwoners in staat te stel om hul godsdiens te beoefen en die leeraars van hul onderskeie gelowe in staat te stel om toegang tot hulle te hê;

(i) die voorwaardes waarop inwoners die reg van toegang tot die bestuur het, en andersom;

(j) die ontheffing van inwoners van 'n gesertifiseerde toevlug van die bepalings van hierdie ordonnansie;

(k) die voorwaardes waarop vrywillige inwoners in 'n gesertifiseerde toevlug opgeneem kan word, hul vervoer daarheen en hul vervoer daarvandaan na hul tuistes, die gelde betaalbaar ten opsigte van hul vervoer, onderhoud of ander dienste aan hulle gelewer en die omstandighede waaronder sodanige inwoners onthef kan word van die verpligting om enige sodanige gelde te betaal;

(l) die vorm van enige aansoek, magtiging, sertifikaat, toestemming, vergunning, kennisgewing, bevel of lasgewing wat ingevolge hierdie ordonnansie gedoen verleen, uitgereik, gegee of gehou moet word en enige ander vorm wat in verband met die uitvoering van hierdie ordonnansie nodig is;

(m) die beskikking deur verkoping of andersins oor enige eiendom in die besit van die bestuur van enige gesertifiseerde toevlug en wat behoort aan 'n inwoner wat weggeloop het of wat ingevolge subartikel (1) van artikel *sewentien* geag word weg te geloop het, of wat gesterf het of versuim het om sodanige eiendom op te eis of in ontvangs te neem en, waar die eiendom verkoop is, die beskikking oor die opbrengs daarvan;

(n) die vereistes bedoel in paragraaf (c) van subartikel (1) van artikel *nege;*

(o) enige aangeleentheid wat ingevolge enige bepaling van hierdie ordonnansie by regulasie voorgeskryf moet of kan word;

(p) in die algemeen alle aangeleenthede wat hy nodig of dienstig ag om voor te skryf ten einde die oogmerke van hierdie ordonnansie te verwesenlik.

(2) (a) Any regulations made under sub-section (1) may prescribe penalties for any contravention thereof or of any rules prescribed by the management of a certified retreat under powers conferred upon it by regulation.

(b) Such penalties shall, in so far as they relate to persons who are not inmates, not exceed a fine of one hundred rand, and in so far as they relate to inmates, may take any one or more of the following forms —

(i) forfeiture of one or more specified privileges for a specified period;

(ii) forfeiture of not more than one meal per day for a period not exceeding three days;

(iii) separation from the other inmates in a place set aside for the purpose at the certified retreat for a period not exceeding five days.

(c) If any form of punishment mentioned in sub-paragraph (ii) or (iii) of paragraph (b) is prescribed, the regulations shall specifically provide that no such form of punishment may be imposed unless the medical practitioner responsible for the medical care of the inmate concerned has certified that such punishment will, in his opinion, not be harmful to the health of that inmate.

(3) Different regulations may be made under sub-section (1) in respect of different certified retreats or different categories of certified retreats, and the Administrator may also in such regulations differentiate in any manner he may deem fit between different groups of inmates in certified retreats generally or in any particular certified retreat.

**Short title and commencement.**

26. This Ordinance shall be called the Ordinance for the Prevention and Combating of Alcoholism and Anti-social Conduct, 1965, and shall come into operation on a date to be fixed by the Administrator by proclamation in the *Official Gazette.*

(2) (a) Enige regulasie gemaak ingevolge subartikel (1) kan strawwe voorskryf vir enige oortreding daarvan of van enige reëls voorgeskryf deur die bestuur van 'n gesertifiseerde toevlug kragtens bevoegdhede daaraan by regulasie verleen.

(b) Sodanige strawwe mag vir sover hulle betrekking het op persone wat nie inwoners is nie, hoogstens 'n boete van eenhonderd rand bedra en vir sover hulle op inwoners betrekking het, kan hulle een of meer van die ondervermelde vorms aanneem —

(i) verbeuring van een of meer bepaalde voorregte vir 'n bepaalde tydperk;
(ii) verbeuring van hoogstens een maaltyd per dag vir 'n tydperk van hoogstens drie dae;
(iii) afsondering van ander inwoners in 'n plek daarvoor afgesonder by die gesertifiseerde toevlug vir 'n tydperk van hoogstens vyf dae.

(c) As enige vorm van straf vermeld in subparagraaf (ii) of (iii) van paragraaf (b) voorgeskryf word, moet die regulasies uitdruklik bepaal dat geen sodanige vorm van straf opgelê mag word nie tensy die geneesheer wat vir die geneeskundige versorging van die betrokke inwoner verantwoordelik is, gesertifiseer het dat die bedoelde straf syns insiens nie die gesondheid van daardie inwoner sal benadeel nie.

(3) Verskillende regulasies kan ingevolge subartikel (1) ten opsigte van verskillende gesertifiseerde toevlugte of verskillende klasse van gesertifiseerde toevlugte gemaak word en die Administrateur kan ook in sodanige regulasies onderskei op enige wyse wat hy goedvind tussen verskillende groepe inwoners in gesertifiseerde toevlugte in die algemeen of in 'n bepaalde gesertifiseerde toevlug.

**Kort titel en inwerkingtreding.**

26. Hierdie ordonnansie heet die Ordonnansie op die Voorkoming en Bestryding van Alkoholisme en Antisosiale Gedrag, 1965, en tree in werking op 'n datum deur die Administrateur by proklamasie in die *Offisiële Koerant* bepaal.

Gedruk in Suidwes-Afrika deur / Printed in South West Africa by John Meinert (Pty) Ltd., Windhoek